21.4 RAPPORT DEPUTATE LEERSTELLIGE SAKE : RAPPORT STUDIEGROEP – OUDERLINGAMP (Artt 92, 139)

A. Ds SD Snyman lewer die Rapport.
B. **Besluit:** Die Rapport word verwys na Kommissie Leerstellig 1.
C. Dr CJ Smit rapporteer namens die Kommissie Leerstellig 1.

D. **RAPPORT**

INLEIDING – FORMAAT VAN DIE RAPPORT

1. Die Rapport bestaan uit 4 afdelings.
1.1. Afdeling 1 bevat die opdrag aan die Deputate.
1.2. Afdeling 2 bevat die verskillende studiestukke wat die Deputate in die uitvoering van hulle opdrag opgestel en hanteer het. Dit word volledig weergegee, omdat van die studies waardevolle materiaal bevat wat ook op ander terreine in ons kerklike lewe van waarde kan wees. Van hierdie deel van die Rapport kan die Sinode kennis neem.
1.3. Afdeling 3 bevat samevattende bevindings wat uit al die studiemateriaal deur die Deputate gemaak is. Die Sinode kan ook hiervan kennis neem.
1.4. Afdeling 4 bevat die aanbevelings van die Deputate. Die Sinode moet hom hieroor goedkeurend of afwysend uitspreek.
2. By van die studies in Afdeling 2 word die name van die persone wat die studie aanvanklik opgestel het en telkens weer na kommentaar van die Deputate verwerk het, aangegee. Die doel daarmee is om dankbare erkenning vir werk wat gedoen is, te gee.

Besluit: Kennis geneem.

AFDELING 1

OPDRAG VAN DIE DEPUTATE

1. Opdrag
   "Die Sinode besluit om Studiedeputate aan te wys om 'n diepgaande studie te maak van die amp van ouderling ten einde dit optimaal te benut in die lig van die behoeftes van die kerke aan persone wat verantwoordelikheid kan aanvaar vir diverse, spesifieke en gespesialiseerde bedieningswerk in die kerke" (Acta 2006:805, 2.3.7.6).
2. Oorsprong van die opdrag: Die versoek tot die studie oor die amp[1] van ouderling het sy oorsprong in die Rapport van die Kuratorium op die Nasionale Sinode van 2006:
   "2.3.4.2 Opleiding vir diverse, spesifieke en gespesialiseerde bediening (nie-predikants-opleiding)
   (i) Kerke, veral kerke in die Afrika-konteks (maar nie net hulle nie!) het 'n groot behoefte aan opgeleide persone wat as pastorale medewerkers in gemeentes kan diens doen. Tot nou toe is hierdie persone dikwels evangeliste of preekhulpe genoem, maar kerkregtelik is dit nodig om orde op sake te stel.
   (ii) Dit lyk wenslik om sodanige persone in die amp van ouderling te bevestig, en maksimale opleiding te verskaf.
   (iii) Oor watter kwalifikasies hiervoor voldoende gaan wees, moet daar nog meer gesprek met die kerke gevoer word.
   (iv) In hierdie verband versoek die Kuratore Sinode 2006 om 'n indringende studie van die amp van ouderling te doen, ten einde hierdie amp tot die maksimum te ontsluit met die oog op die bedieningsbehoeftes van kerke,

[1] Die Deputate verkies die woord "diens", maar omdat die woord "amp" in die opdrag en in die KO gebruik word, word die twee woorde afwisselend gebruik.

veral kerke in die Afrika-konteks, maar ook met insluiting van alle ander kerke in die GKSA" (Acta 2006:803-804).

Besluit: Kennis geneem.

AFDELING 2

STUDIESTUKKE

STUDIE 1

BIBLIOLOGIESE STUDIE OOR DIE OUDERLING IN DIE NT-KERK

Fika J van Rensburg

1. Inleiding

1.1 *Opdrag*

Die opdrag is om vir die studiegroep oor die ouderlingamp 'n Bybelse begronding van die ouderlingamp daar te stel.[2]

1.2 *Interpretasie van die opdrag*

Die taak van die studiegroep is baie spesifiek: nie om 'n algemene studie van die ouderlingdiens te doen nie, maar meer spesifiek om vas te stel of die diens van ouderling voorsiening daarvoor maak dat 'n ouderling as pastorale medewerker kan diens doen in 'n gemeente.

Die "Skriftuurlike begronding" word afgestem op hierdie interpretasie van die opdrag. Verder word in gedagte gehou dat die Rapport self nie tegnies moet wees nie, maar ook toeganklik vir gelowiges sonder teologiese opleiding; tog is dit – in elk geval vir die Kommissie – belangrik om met die Griekse terme te werk, veral ook omdat die 1983-Vertaling dit só vertaal het dat die blote Afrikaans verwarrend is.

Hieronder volg eers 'n bibliologiese studie oor die ouderling in die Vroeë Kerk soos blyk uit die Nuwe Testament, met daarna 'n formulering van die implikasies vir die Bybelse begronding van die ouderlingdiens:

2. Tersaaklike Griekse woorde, en tersaaklike openbaringshistoriese lyne
2.1 ἐπισκοπέω en etimologies-verwante woorde
2.2 πρεσβύτερος en etimologies-verwante woorde
2.3 ποιμαίνω en etimologies-verwante woorde
3. Die openbaring in die Nuwe Testament oor die (diens van) ouderling
4. Implikasies vir die huidige vraagstelling oor die ouderlingsdiens

2. Tersaaklike Griekse woorde, en tersaaklike openbaringshistoriese lyne

Vervolgens word 'n woordstudie van die tersaaklike betekenisse van die betrokke woorde gedoen, asook 'n openbaringshistoriese studie, om sodoende te bepaal wat die Skrifopenbaring oor die (diens van die) ouderling is. Die tersaaklike Griekse woorde vir die betekenisse wat vir 'n bibliologiese studie van die ouderlingdiens tersaaklik geag word, is die volgende:[3]

---

[2] Du Plooy (2007:??) dui aan dat in die Afrikaanse teks van die kerkorde daar deurgaans slegs van "diens" (en nie "amp" nie) gepraat word, en daarmee gaan sowel iets van die Skrifgegewens oor die betrokke diens as van die Latynse woorde verlore. In die Latynse teks van die Kerkorde word daar verskillende woorde gebruik wat almal wel in die algemeen te doen het met die begrip "diens", maar elkeen met 'n eie beklemtoning. Die Latynse woorde is: *ministerium* (bediening in die algemeen), *munus* (diens as opdrag of taak; bv KO, art 18), *officium* (die vervulling of werk aan 'n diens/taak; bv KO, artt 16, 23, 25), *functio* (die funksionering of uitoefening van 'n *munus* of opdrag as 'n dienswerk; bv KO, art 2). Al die woorde laat blyk dat dit in die kerk om nederige dienswerk gaan, en nie om heerskappyvoering nie. Dit lyk daarom ten minste nodig om die woord "amp" te vermy, en dit met "diens" te vervang, aangesien "amp" in hedendaagse Afrikaans 'n konnotasie het van gesag, posisie en status wat vreemd is aan die Nuwe-Testamentiese idee van 'n besondere bediening. Daarom word die term "amp" verderaan in hierdie studie konsekwent vervang met "bediening" of "diens" (soos KO, art 1 dit gebruik).

[3] Benewens hierdie drie etimologies-verwante groepe, sou ook nog aandag gegee kon word aan die woorde ἡγούμενοι en προϊστάμενοι en hulle etimologies-verwante woorde. Paulus gebruik in sy vroeëre briewe nie die term *presbuteros* nie, maar verwys eerder na die funksies van die betrokkenes as κοπιῶντες, en as persone wat die χάρισμα van ἀντίλημψις en κυβέρνησις ontvang het. Die gegewe drie word egter vir die doeleindes van hierdie studie as die drie kern-groepe geag.

(i) ἐπισκοπέω (*om die bedieningsverantwoordelikheid te hê*) en etimologies-verwante woorde
(ii) πρεσβύτερος (*ouderling*) en etimologies-verwante woorde
(iii) ποιμαίνω (*as herder versorg*) en etimologies-verwante woorde

In die onderstaande word telkens eers 'n definisie van die betrokke betekenis van die woord gegee, en daarna word die verkillende kontekste in die Nuwe Testament waar die betrokke woord met hierdie betekenis gebruik word, aangehaal (die Grieks word telkens in voetnote gee, en waar die 1983-Vertaling vir die doeleindes van hierdie studie nie geskik is nie, is die betrokke deel deurgehaal, met 'n doelmatige vertaling direk daarna). By elke etimologies-verwante groep word dan 'n gevolgtrekking gemaak, en hierdie gevolgtrekkings word uiteindelik in die finale gevolgtrekking saamgevat.

2.1 *ἐπισκοπέω en etimologies-verwante woorde*

2.1.1 ἐπισκοπέω

Die basiese betekenismoontlikhede (volgens die Louw&Nida-Leksikon) van **ἐπισκοπέω** is die volgende: [a] omsien na: 35.39; [b] waak teen: 30.46; [c] bedien: 53.70. [4] Veral betekenismoontlikheid [c] is tersaaklik.

- **ἐπισκοπέω**[c]: Louw & Nida (1988:53.70) definieer dié betekenis as "om die verantwoordelikheid te hê om na iemand om te sien, met die implikasie van 'n amptelike verantwoordelikheid binne 'n gemeente", en gee die vertaalmoontlikhede "om te bedien, om die verantwoordelikheid te dra, om om te sien na." [5]

Hierdie woord word in die volgende Skrifdele vir hierdie betekenis gebruik:

1 Pet 5:1-3: As mede-ouderling en getuie van die lyding van Christus en ook deelgenoot aan die heerlikheid wat geopenbaar sal word, dring ek by die ouderlinge onder julle daarop aan: [2]Pas die kudde van God wat aan julle toevertrou is, goed op. **Hou toesig oor** hulle, nie uit dwang nie, maar gewillig soos God dit verwag; nie om eie gewin nie, maar uit toegewydheid; [3]ook nie deur baas te speel oor dié wat God aan julle sorg toevertrou het nie, maar deur 'n voorbeeld vir die kudde te wees.[6]

2.1.2 ἐπισκοπή

Die basiese betekenismoontlikhede (volgens die Louw&Nida-Leksikon) van **ἐπισκοπή** is die volgende: [a] besoeking: 34.51; [b] diens as opsiener: 53.69; [c] posisie van verantwoordelikheid: 35.40. Betekenismoontlikheid [b] is tersaaklik, wat betekenismoontlikheid [c] nie uitsluit nie.

Hierdie woord word in die volgende Skrifdele vir hierdie betekenis gebruik:

- **ἐπισκοπή**[b], **ῆς**: Louw & Nida (1988:53.96) definieer dié betekenis as "'n godsdienstige rol wat diens en opsienerskap insluit", en gee die vertaalmoontlikhede "diens, posisie, bediening as opsiener."[7]

Hand 1:20: "In die boek van die Psalms staan daar: ... laat 'n ander sy ~~amp~~ **bediening as opsiener** oorneem" (Aangehaal uit Ps 109:8).[8]

---

[4] Louw & Nida (1988, by 53.71) maak die belangrike opmerking dat, by die vertaling van ἐπισκοπή[b] (53.69), ἐπισκοπέω[c] (53.70), en ἐπίσκοπος[b], dit belangrik is om die konsepte van sowel diens as leierskap te kombineer, met ander woorde, sowel die verantwoordelikheid om na die behoeftes van die gemeente om te sien, as om die koers van die aktiwiteite aan te dui. 'n Goeie vertaalekwivalent sou bv kon wees "helper en leier", of dalk die byna archaïese "opsiener".

[5] Louw & Nida (1988): **53.70 ἐπισκοπέω**[c]: to have responsibility for the care of someone, implying a somewhat official responsibility within a congregation—'to minister unto, to be responsible, to care for.' ποιμάνατε τὸ ἐν ὑμῖν ποίμνιον τοῦ θεοῦ, ἐπισκοποῦντες μὴ ἀναγκαστῶς 'be shepherds of the flock of God committed to you, being responsible for the care of such and not as a matter of obligation' 1 Pet 5.2. It is possible, however, that ἐπισκοπέω in 1 Pet 5.2 is not to be understood as designating some official responsibility but merely as a role of helping and serving (see 35.39).

[6] **1 Pet 5:1-3:** Πρεσβυτέρους οὖν ἐν ὑμῖν παρακαλῶ ὁ συμπρεσβύτερος καὶ μάρτυς τῶν τοῦ Χριστοῦ παθημάτων, ὁ καὶ τῆς μελλούσης ἀποκαλύπτεσθαι δόξης κοινωνός· **2** ποιμάνατε τὸ ἐν ὑμῖν ποίμνιον τοῦ θεοῦ [**ἐπισκοποῦντες**] μὴ ἀναγκαστῶς ἀλλὰ ἑκουσίως κατὰ θεόν, μηδὲ αἰσχροκερδῶς ἀλλὰ προθύμως, **3** μηδ' ὡς κατακυριεύοντες τῶν κλήρων ἀλλὰ τύποι γινόμενοι τοῦ ποιμνίου.

[7] Louw & Nida (1988): **53.69 ἐπισκοπή**[b], **ῆς**: a religious role involving both service and leadership—'office, position, ministry as church leader.' τὴν ἐπισκοπὴν αὐτοῦ λαβέτω ἕτερος 'let someone else take his office' Ac 1.20; εἴ τις ἐπισκοπῆς ὀρέγεται, καλοῦ ἔργου ἐπιθυμεῖ 'if a man is eager to fulfill a ministry as a church leader, he desires an excellent work' 1 Tim 3.1. See discussion at 53.71. For a more probable interpretation of ἐπισκοπή in Ac 1.20, see 35.40.

[8] **Hand 1:20**: τ□ν **□πισκοπ□ν** α□το□ λαβέτω □τερος.

1 Tim 3:1: Dit is ’n waar woord: as iemand ~~graag ouderling wil wees~~ na **’n bediening as opsiener** verlang, begeer hy ’n voortreflike werk. [2]’n Opsiener moet onberispelik wees, getrou aan sy vrou ... [9]

2.1.3 ἐπίσκοπος

Die basiese betekenismoontlikhede (volgens die Louw&Nida-Leksikon) van **ἐπίσκοπος** is die volgende: [a] voog: 35.43; [b] opsiener: 53.71. Betekenismoontlikheid [b] is tersaaklik.

- **ἐπίσκοπος**[b], **ou**: Louw & Nida (1988:53.71) definieer dié betekenis as “iemand wat as opsiener in ’n kerk dien”, en gee die vertaalmoontlikheid “opsiener”.[10]

Hierdie woord word in die volgende Skrifdele vir hierdie betekenis gebruik:

Hand 20:28: “[28]Pas julle self op en die hele kudde ~~wat die Heilige Gees onder julle sorg gestel het. Soos wagters ’n kudde versorg, so moet julle die gemeente van God versorg~~ oor wie die Heilige Gees julle as **opsieners** (ἐπισκόπους, 1933/53: ‘opsieners’) aangestel het, om as herders op te tree (ποιμαίνειν) vir die gemeente van God, wat Hy vir Hom verkry het deur die bloed van sy eie Seun.”[11]

Fil 1:1: Van Paulus en Timoteus, dienaars van Christus Jesus. Aan almal in Filippi wat deur Christus Jesus aan God behoort, met hulle ~~ouderlinge~~ **opsieners** en diakens.[12]

1 Tim 3:1: Dit is ’n waar woord: as iemand ~~graag ouderling wil wees~~ na ’n bediening as opsiener verlang, begeer hy ’n voortreflike werk. [2]’n **Opsiener** moet onberispelik wees, getrou aan sy vrou ...[13]

Tit 1:7: [7]’n ~~Ouderling~~ **Opsiener** is immers ’n bestuurder van die huishouding van God. Daarom moet hy onberispelik van gedrag wees, nie aanmatigend en opvlieënd nie.[14]

2.1.4 Gevolgtrekking: die betekenis van en openbaring met ἐπισκοπέω en etimologies-verwante woorde

Uit die voorgaande is dit duidelik dat ‘n ἐπίσκοπος ’n opsiener is. Hierdie persoon se taak is leierskap deur middel van diens; dus – iemand wat kerkleierskap as bediening het. Uit 1 Pet 5:2 blyk dit dat hulle spesifiek in die gemeente ook ’n toesig-taak oor die kudde van God (ποίμνιον τοῦ θεοῦ) het, deur God aan hulle opgelê (κατὰ θεόν). Hierdie toesigtaak beteken dat hulle as herders moet sorg (ποιμάνατε) vir die kudde van God, wat onder andere inhou dat hulle moet kan onderrig (διδακτικόν, 1 Tim 3:2) en met die gesonde leer opvoeding kan gee en teësprekers kan weerlê (ἵνα δυνατὸς ᾖ καὶ παρακαλεῖν ἐν τῇ διδασκαλίᾳ τῇ ὑγιαινούσῃ καὶ τοὺς ἀντιλέγοντας ἐλέγχειν, Tit 1:9). Hand 20:28 stel eksplisiet dat “die Heilige Gees julle as opsieners (ἐπισκόπους) aangestel het, om as herders op te tree (ποιμαίνειν) vir die gemeente van God. Tit 1:7 gebruik ’n ander beeld: die opsiener is bestuurder oor die huishouding van God (θεοῦ οἰκονόμον); dit impliseer dat God die *kurios* (huisbaas) is, met die *episkopoi* wat met ’n mandaat van die huisbaas, die huishouding bestuur.

Uit Filippense 1:1 blyk dit dat daar onderskei is tussen die *episkopoi* en die *diakonoi.*

---

[9] **1 Tim 3:1**: Εἴ τις **ἐπισκοπῆς** ὀρέγεται, καλοῦ ἔργου ἐπιθυμεῖ. **2** δεῖ οὖν τὸν ἐπίσκοπον ἀνεπίλημπτον εἶναι, μιᾶς γυναικὸς ἄνδρα ….

[10] Louw & Nida (1988): **53.71 ἐπίσκοπος**[b], **ou**: one who serves as a leader in a church—‘church leader.’ δεῖ γὰρ τὸν ἐπίσκοπον ἀνέγκλητον εἶναι ὡς θεοῦ οἰκονόμον ‘since he is in charge of God’s work, the church leader should be without fault’ Tit 1.7. For ἐπίσκοπος in 1 Pet 2.25, see 35.43.

[11] **Hand 20:28**: προσέχετε ἑαυτοῖς καὶ παντὶ τῷ ποιμνίῳ, ἐν ᾧ ὑμᾶς τὸ πνεῦμα τὸ ἅγιον ἔθετο ἐπισκόπους ποιμαίνειν τὴν ἐκκλησίαν τοῦ θεοῦ, ἣν περιεποιήσατο διὰ τοῦ αἵματος τοῦ ἰδίου.

[12] **Fil 1:1**: Παῦλος καὶ Τιμόθεος δοῦλοι Χριστοῦ Ἰησοῦ πᾶσιν τοῖς ἁγίοις ἐν Χριστῷ Ἰησοῦ τοῖς οὖσιν ἐν Φιλίπποις σὺν **ἐπισκόποις** καὶ διακόνοις.

[13] **1 Tim 3:1**: Εἴ τις ἐπισκοπῆς ὀρέγεται, καλοῦ ἔργου ἐπιθυμεῖ. **2** δεῖ οὖν τὸν **ἐπίσκοπον** ἀνεπίλημπτον εἶναι, μιᾶς γυναικὸς ἄνδρα …

[14] **Tit 1:7**: **7** δεῖ γὰρ τὸν **ἐπίσκοπον** ἀνέγκλητον εἶναι ὡς θεοῦ οἰκονόμον, μὴ αὐθάδη, μὴ ὀργίλον …

2.2 *πρεσβύτερος en etimologies-verwante woorde*

2.2.1 πρεσβύτερος]

Die basiese betekenismoontlikhede (volgens die Louw&Nida-Leksikon) van **πρεσβύτερος** is die volgende: [a] ou man: 9.31; [b] ouderling: 53.77. Betekenismoontlikheid [b] is tersaaklik.

- **53.77 πρεσβύτερος**[b], **ου**: Louw & Nida (1988:53.77) definieer dié betekenis as "'n persoon met die verantwoordelikheid en bevoegdheid[15] mbt sosiaal-godsdienstige sake, in sowel Joodse as Christelike gemeenskappe", en gee die vertaalmoontlikheid "ouderlinge". Dit lyk egter beter om in die vertaling 'n onderskeid tussen die Joodse en Christelike strukture te maak: 'familie-hoofde' vir die Joodse, en 'ouderlinge' vir die Christelike.[16]
- **53.78 συμπρεσβύτερος**, **ου**: Louw & Nida (1988:53.78) definieer dié betekenis as "iemand wat saam met ander ouderling is", en gee die vertaalmoontlikheid "mede-ouderling".

Hierdie woorde word in die volgende Skrifdele vir hierdie betekenis gebruik:

Hand 11:30: [30]Hulle het dit gedoen en die geld met Barnabas en Saulus aan die **ouderlinge** in Jerusalem gestuur.[17]

Hand 14:23: [21]Paulus en Barnabas het ... na Listra, Ikonium en Antiogië toe teruggegaan. ... [23]In elke gemeente het hulle **ouderlinge** gekies.[18]

Hand 15:2–16:4: [2]Toe Paulus en Barnabas hulle daarteen verset en in 'n heftige meningsverskil met hulle betrokke geraak het, is daar besluit dat hulle twee en nog 'n paar ander van die gemeente na die apostels en **ouderlinge** in Jerusalem moet gaan in verband met hierdie vraagstuk. ... [4]Toe hulle in Jerusalem aankom, is hulle deur die gemeente, die apostels en die **ouderlinge** verwelkom. ... [6]Die apostels en die **ouderlinge** het toe bymekaargekom om hierdie vraagstuk te bespreek. ... [22]Daarna het die apostels en die **ouderlinge** saam met die hele gemeente besluit om mense uit hulle geledere saam met Paulus en Barnabas na Antiogië toe te stuur. ... [23]Hulle het die volgende brief saamgestuur: "Van die apostels en die **ouderlinge**, julle broers. Aan die gelowiges uit die heidendom in Antiogië, Sirië en Silisië. Groete. ... [16:4]Soos hulle van stad tot stad gereis het, het hulle die besluite wat die apostels en **ouderlinge** in Jerusalem geneem het, aan die gelowiges oorgedra en hulle beveel om daarvolgens te handel.[19]

Hand 20:17: [17]Van Milete af het Paulus 'n boodskap na Efese toe gestuur om die **ouderlinge** van die gemeente te laat roep.[20]

Hand 21:18: [17]By ons aankoms in Jerusalem het die broers ons hartlik ontvang. [18]Die volgende dag het ons saam met Paulus na Jakobus toe gegaan. Al die **ouderlinge** was daar teenwoordig.[21]

---

15 Hier word berekend die Afrikaanse woord "bevoegdheid" gebruik, en nie die woord "gesag" nie. Die ouderling het nie gesag nie, maar het die bevoegdheid (of: volmag) om te bind en te lei, en só die gesag van Christus te bedien.

16 Louw & Nida (1988:53.77): **53.77 πρεσβύτερος**[b], **ου**: a person of responsibility and authority in matters of socio-religious concerns, both in Jewish and Christian societies—'elder.' ὅπου οἱ γραμματεῖς καὶ οἱ πρεσβύτεροι συνήχθησαν 'where the teachers of the Law and the elders had gathered together' Matt 26.57; ἀπὸ δὲ τῆς Μιλήτου πέμψας εἰς Ἔφεσον μετεκαλέσατο τοὺς πρεσβυτέρους τῆς ἐκκλησίας 'he sent a message from Miletus to Ephesus asking the elders of the church to meet him' Ac 20.17. In some languages πρεσβύτερος[b] is best rendered as 'older leaders,' but in other languages the more appropriate term would be the equivalent of 'counselor,' since it would be assumed that counselors would be older than the average person in a group as well as having authority to lead and direct activities.

17 **Hand 11:30:** ὃ καὶ ἐποίησαν ἀποστείλαντες πρὸς τοὺς **πρεσβυτέρους** διὰ χειρὸς Βαρναβᾶ καὶ Σαύλου.

18 **Hand 14:23**: ... ὑπέστρεψαν εἰς τὴν Λύστραν καὶ εἰς Ἰκόνιον καὶ εἰς Ἀντιόχειαν ... **23** χειροτονήσαντες δὲ αὐτοῖς κατ' ἐκκλησίαν **πρεσβυτέρους**.

19 **Hand 15:2–16:4**: **2** γενομένης δὲ στάσεως καὶ ζητήσεως οὐκ ὀλίγης τῷ Παύλῳ καὶ τῷ Βαρναβᾷ πρὸς αὐτούς, ἔταξαν ἀναβαίνειν Παῦλον καὶ Βαρναβᾶν καί τινας ἄλλους ἐξ αὐτῶν πρὸς τοὺς ἀποστόλους καὶ **πρεσβυτέρους** εἰς Ἰερουσαλὴμ περὶ τοῦ ζητήματος τούτου. ... **4** παραγενόμενοι δὲ εἰς Ἰερουσαλὴμ παρεδέχθησαν ἀπὸ τῆς ἐκκλησίας καὶ τῶν ἀποστόλων καὶ τῶν **πρεσβυτέρων** ... **6** Συνήχθησάν τε οἱ ἀπόστολοι καὶ οἱ **πρεσβύτεροι** ἰδεῖν περὶ τοῦ λόγου τούτου. ... **22** Τότε ἔδοξε τοῖς ἀποστόλοις καὶ τοῖς **πρεσβυτέροις** σὺν ὅλῃ τῇ ἐκκλησίᾳ ἐκλεξαμένους ἄνδρας ἐξ αὐτῶν πέμψαι εἰς Ἀντιόχειαν σὺν τῷ Παύλῳ καὶ Βαρναβᾷ. **... 23** γράψαντες διὰ χειρὸς αὐτῶν, Οἱ ἀπόστολοι καὶ οἱ **πρεσβύτεροι** ἀδελφοὶ τοῖς κατὰ τὴν Ἀντιόχειαν καὶ Συρίαν καὶ Κιλικίαν ἀδελφοῖς τοῖς ἐξ ἐθνῶν χαίρειν. ... **4** ὡς δὲ διεπορεύοντο τὰς πόλεις, παρεδίδοσαν αὐτοῖς φυλάσσειν τὰ δόγματα τὰ κεκριμένα ὑπὸ τῶν ἀποστόλων καὶ **πρεσβυτέρων** τῶν ἐν Ἰεροσολύμοις.

20 **Hand 20:17**: **7** Ἀπὸ δὲ τῆς Μιλήτου πέμψας εἰς Ἔφεσον μετεκαλέσατο τοὺς **πρεσβυτέρους** τῆς ἐκκλησίας.

Binne Joodse strukture: Hand 23:14: [14]Hulle het na die priesterhoofde en die **familiehoofde** toe gegaan en gesê: "Ons het 'n dure eed afgelê dat ons niks oor ons lippe sal neem voordat ons Paulus doodgemaak het nie. (Só ook Hand 24:1, 25:15).[22]

1 Tim 5:17: [17]Die **ouderlinge** wat goeie leiding gee, behoort dubbele erkenning te kry, veral dié wat hard werk deur te preek en onderrig te gee.[23]

1 Tim 5:19: [19]'n Beskuldiging teen 'n **ouderling** moet jy nie aanneem nie, tensy dit deur twee of drie getuies bevestig word. [20]Dié wat verkeerde dinge doen, moet jy openlik bestraf sodat die ander ook afgeskrik kan word.[24]

Tit 1:5: [5]Ek het jou op Kreta agtergelaat met die bedoeling dat jy die dinge wat nog gereël moes word, in orde moet bring en dat jy in elke dorp ouderlinge moet aanstel soos ek dit aan jou opgedra het.[25]

Tit 1:7: Wys *presbuteros* en *episkopos* is sinoniem; in 1:5 is die woord *presbuteroi* gebruik, en van dieselfde persone word in 1:7 gepraat as *episkopoi*: **7** δεῖ γὰρ τὸν ἐπίσκοπον ἀνέγκλητον εἶναι ὡς θεοῦ οἰκονόμον.

Jak 5:14: [14]As daar iemand van julle is wat siek is, moet hy die ouderlinge van die gemeente laat kom, en hulle moet vir hom bid en hom met olie salf onder aanroeping van die Naam van die Here. [15]En as hulle gelowig bid, sal dit vir die sieke genesing bring: die Here sal hom gesond maak.[26]

1 Pet 5:1-3: As **mede-ouderling** en getuie van die lyding van Christus en ook deelgenoot aan die heerlikheid wat geopenbaar sal word, dring ek by die **ouderlinge** onder julle daarop aan: [2]Pas die kudde van God wat aan julle toevertrou is, goed op. Hou toesig oor hulle, nie uit dwang nie, maar gewillig soos God dit verwag; nie om eie gewin nie, maar uit toegewydheid; [3]ook nie deur baas te speel oor dié wat God aan julle sorg toevertrou het nie, maar deur 'n voorbeeld vir die kudde te wees.[27]

Op 4-5,7,11,14: [4:4]Reg rondom die troon was daar vier en twintig ander trone, en op die trone het daar vier en twintig **ouderlinge** gesit. Hulle het wit klere aangehad, en op hulle koppe was daar goue krone. ... [9]Elke keer wanneer die lewende wesens heerlikheid, eer en dank toebring aan Hom wat op die troon sit, wat tot in alle ewigheid lewe, [10]kniel die vier en twintig **ouderlinge** voor Hom wat op die troon sit, en aanbid Hom wat tot in alle ewigheid lewe. Hulle sit dan hulle krone voor die troon neer en sê: [11]"Here, ons God, U is waardig ... [5:4]Ek het baie gehuil omdat daar niemand gekry is wat waardig was om die boek oop te maak en daarin te kyk nie. [5]Toe sê een van die **ouderlinge** vir my: "Moenie huil nie. Kyk, die Leeu uit die stam van Juda, die Afstammeling van Dawid, het die oorwinning behaal en kan die boek met die sewe seëls oopmaak." ... [6]Toe het ek voor die troon wat omring was deur die vier lewende wesens, tussen die troon en die **ouderlinge**, 'n Lam sien staan, die Een wat geslag was. ... [8]Net toe die Lam die boek neem, het die vier lewende wesens en die vier en twintig **ouderlinge** voor Hom gekniel. Elkeen van hulle het 'n siter gehad en 'n goue bak vol wierook, die gebede van die gelowiges. [9]Toe sing hulle 'n nuwe lied: "U is waardig om die boek te neem .... [11]Toe het ek rondom die troon en die

---

21 **Hand 21:18**: **17** Γενομένων δὲ ἡμῶν εἰς Ἰεροσόλυμα ἀσμένως ἀπεδέξαντο ἡμᾶς οἱ ἀδελφοί. **18** τῇ δὲ ἐπιούσῃ εἰσήει ὁ Παῦλος σὺν ἡμῖν πρὸς Ἰάκωβον, πάντες τε παρεγένοντο οἱ **πρεσβύτεροι**.

22 **Hand 23:14**: οἵτινες προσελθόντες τοῖς ἀρχιερεῦσιν καὶ τοῖς **πρεσβυτέροις** εἶπαν, Ἀναθέματι ἀνεθεματίσαμεν ἑαυτοὺς μηδενὸς γεύσασθαι ἕως οὗ ἀποκτείνωμεν τὸν Παῦλον.

23 **1 Tim 5:17**: Οἱ καλῶς προεστῶτες **πρεσβύτεροι** διπλῆς τιμῆς ἀξιούσθωσαν, μάλιστα οἱ κοπιῶντες ἐν λόγῳ καὶ διδασκαλίᾳ.

24 **1 Tim 5:19**: κατὰ **πρεσβυτέρου** κατηγορίαν μὴ παραδέχου, ἐκτὸς εἰ μὴ ἐπὶ δύο ἢ τριῶν μαρτύρων. **20** τοὺς ἁμαρτάνοντας ἐνώπιον πάντων ἔλεγχε, ἵνα καὶ οἱ λοιποὶ φόβον ἔχωσιν.

25 **Tit 1:5**: Τούτου χάριν ἀπέλιπόν σε ἐν Κρήτῃ, ἵνα τὰ λείποντα ἐπιδιορθώσῃ καὶ καταστήσῃς κατὰ πόλιν πρεσβυτέρους, ὡς ἐγώ σοι διεταξάμην.

26 **Jak 5:14**: ἀσθενεῖ τις ἐν ὑμῖν, προσκαλεσάσθω τοὺς πρεσβυτέρους τῆς ἐκκλησίας καὶ προσευξάσθωσαν ἐπ᾽ αὐτὸν ἀλείψαντες [αὐτὸν] ἐλαίῳ ἐν τῷ ὀνόματι τοῦ κυρίου. **15** καὶ ἡ εὐχὴ τῆς πίστεως σώσει τὸν κάμνοντα καὶ ἐγερεῖ αὐτὸν ὁ κύριος.

27 **1 Pet 5:1-3: Πρεσβυτέρους** οὖν ἐν ὑμῖν παρακαλῶ ὁ **συμπρεσβύτερος** καὶ μάρτυς τῶν τοῦ Χριστοῦ παθημάτων, ὁ καὶ τῆς μελλούσης ἀποκαλύπτεσθαι δόξης κοινωνός· **2** ποιμάνατε τὸ ἐν ὑμῖν ποίμνιον τοῦ θεοῦ [ἐπισκοποῦντες] μὴ ἀναγκαστῶς ἀλλὰ ἑκουσίως κατὰ θεόν, μηδὲ αἰσχροκερδῶς ἀλλὰ προθύμως, **3** μηδ᾽ ὡς κατακυριεύοντες τῶν κλήρων ἀλλὰ τύποι γινόμενοι τοῦ ποιμνίου.

lewende wesens en die **ouderlinge** 'n groot menigte engele gesien. ... [14]Die vier lewende wesens het gesê: "Amen!" En die **ouderlinge** het gekniel en God aanbid. ... [7:11]Al die engele het rondom die troon, die **ouderlinge** en die vier lewende wesens gestaan. Hulle het toe voor die troon gekniel met hulle gesigte na die grond toe en het God aanbid .... [13]Een van die **ouderlinge** vra toe vir my: "Hierdie mense met die wit klere aan, wie is hulle en waar kom hulle vandaan?" [14]"Ek weet nie, Meneer," sê ek vir hom, "maar ú weet." Hy sê toe vir my: "Dit is dié wat uit die groot verdrukking kom. ... [11:16]Die vier en twintig **ouderlinge** wat op hulle trone voor God sit, het toe gekniel met hulle gesigte na die grond toe en het God aanbid [17]en gesê: "Ons dank U, Here God, Almagtige ... [14:1]Toe het ek die Lam op Sionsberg sien staan en by Hom honderd vier en veertig duisend mense met sy Naam en sy Vader se Naam op hulle voorkoppe geskrywe. ... [3]Hierdie mense sing 'n nuwe lied daar voor die troon en voor die vier lewende wesens en die **ouderlinge**. ... [19:4]Die vier en twintig **ouderlinge** en die vier lewende wesens het gekniel en God aanbid wat op die troon sit. Hulle het gesê: "Amen! Prys die Here!"[28]

2.2.2 <u>πρεσβυτέριον</u>

Die basiese betekenismoontlikhede (volgens die Louw&Nida-Leksikon) van **πρεσβυτέριον** is die volgende: [a] Hoër Joodse Raad: 11.83; [b] groep ouderlinge: 11.84. Betekenismoontlikheid [b] is tersaaklik.

- **11.84 πρεσβυτέριον**[b], **ου**: Louw & Nida (1988:11.84) definieer dié betekenis as "'n raad van ouderlinge, met klem op die rypheid van oordeel eerder as bloot op ouderdom", en gee die vertaalmoontlikheid "'n groep ouderlinge".[29]

Hierdie woord word in die volgende Skrifdele vir hierdie betekenis gebruik:

Binne Joodse struktuur: Hand 22:5: [4]Ek wou die mense wat die leer van Christus volg, totaal uitroei. Mans sowel as vrouens het ek gevange geneem en in tronke laat stop. [5]Dit kan die hoëpriester en die hele **Joodse Raad** bevestig.[30]

1 Tim 4:14: [14]Moenie die genadegawe wat jy het, verwaarloos nie. Dit is aan jou gegee deur die profesieë toe die **raad van ouderlinge** jou die hande opgelê het.[31]

2.2.3 <u>Gevolgtrekking: die betekenis van en openbaring met πρεσβύτερος en etimologies-verwante woorde</u>

Binne die Vroeë Kerk is 'n "ouderling" 'n persoon met die verantwoordelikheid en bevoegdheid[32] mbt godsdienstig-etiese sake, en moet daarin leiding gee. Die volgende sake kan afgelei word uit die Skrifgegewens:

(i) Daar word melding gemaak van ouderlinge in spesifieke gemeentes: Jerusalem (Hand 11:30; 15:2–16:4, 21:18); Listra, Ikonium en Antiogië (Hand 14:24); Efese (Hand 20:17); elke dorp in Kreta (Tit 1:5); onder die geadresseerdes van 1 Petrus (1 Pet 5:1).

(ii) Die ouderlinge is verkies (χειροτονήσαντες, Hand 14:23) en aangestel (καταστήσῃς, Tit 1:5), en moet hulle plig uitvoer "soos God dit verwag" (κατὰ θεόν, 1 Pet 5:2).

(iii) Dit blyk uit die "apostel-konvent" in Jerusalem dat die ouderlinge saam met die apostels besluitnemingsbevoegdheid het, en dat hierdie besluit(e) gesag het (Hand 15:2–16:4).

(iv) Die take waartoe die ouderlinge gemandateer word, is: leiding gee (προεστῶτες, 1 Tim 5:17); sommiges preek en gee onderrig (οἱ κοπιῶντες ἐν

---

28 **Op 4-5,7,11,14:** Telkens: πρεσβύτερ*

29 Louw & Nida (1988:11.84): **11.84 πρεσβυτέριον**[b], **ου** *n*: a council of elders, with emphasis upon maturity of judgment more than mere age—'group of elders, elders.' ὃ ἐδόθη σοι διὰ προφητείας μετὰ ἐπιθέσεως τῶν χειρῶν τοῦ πρεσβυτερίου 'which he gave you when the prophets spoke and when the elders laid their hands on you' 1 Tim 4.14.

30 **Hand 22:5**: **4** ὃς ταύτην τὴν ὁδὸν ἐδίωξα ἄχρι θανάτου δεσμεύων καὶ παραδιδοὺς εἰς φυλακὰς ἄνδρας τε καὶ γυναῖκας, **5** ὡς καὶ ὁ ἀρχιερεὺς μαρτυρεῖ μοι καὶ πᾶν τὸ **πρεσβυτέριον**.

31 **1 Tim 4:14**: μὴ ἀμέλει τοῦ ἐν σοὶ χαρίσματος, ὃ ἐδόθη σοι διὰ προφητείας μετὰ ἐπιθέσεως τῶν χειρῶν τοῦ **πρεσβυτερίου**.

32 Hierdie bevoegdheid blyk reeds uit die feit dat die Vroeë Kerk dieselfde woord wat binne die Joodse struktuur vir die bevoegde liggaam van die priesterhoofde en familiehoofde gebruik, nl *presbuteroi* (in die 1983-Vertaling weergegee met "familiehoofde"; vgl bv Hand 23:14, 24:1, 25:15, en dikwels in die evangelies. Die bevoegde Joodse Raad is die πρεσβυτέριον genoem; dieselfde geld van die "raad van ouderlinge" in die Vroeë Kerk (bv 1 Tim 4:14).

λόγῳ καὶ διδασκαλίᾳ, 1 Tim 5:17); bid vir siekes en hulle met olie salf (Jak 5:14); hulle moet die kudde van God as herders oppas (1 Pet 5:2).

(v) Daar is spesifieke dissipline-maatreëls (= tugmaatreëls) vir klaghantering en bestraffing (1 Tim 5:19).

(vi) Tit 1:7 wys *presbuteros* en *episkopos* is (ten minste vir die skrywer van Titus) sinoniem; in 1:5 is die woord *presbuteroi* gebruik, en van dieselfde persone word in 1:7 gepraat as *episkopoi*: **7** δεῖ γὰρ τὸν **ἐπίσκοπον** ἀνέγκλητον εἶναι ὡς θεοῦ οἰκονόμον.

(vii) In Openbaring (Op 4-5,7,11,14) verwys die " 24 ouderlinge" waarskynlik na die kerk in sy volheid.

2.3 *ποιμαίνω en etimologies-verwante woorde*

2.3.1 ποιμαίνω

Die basiese betekenismoontlikhede (volgens die Louw&Nida-Leksikon) van **ποιμαίνω** is die volgende: [a] skape/bokke as herder versorg: 44.3; [b] lei en help, soos 'n skaapwagter sy kudde: 36.2. [c] regeer: 37.57. Betekenismoontlikheid [b] is tersaaklik.

- **36.2 ποιμαίνω**[b]: Louw & Nida (1988:36.2) definieer dié betekenis as "'n figuurlike uitbreiding van die betekenis van ποιμαίνω[a] 'skape/bokke as herder versorg,' 44.3, naamlik om te lei, met die implikasie van omsien na", met die vertaalmoontlikheid "om te lei en te help, om te lei en om te sien na.'[33]

Hierdie woord word in die volgende Skrifdele vir hierdie betekenis gebruik:

Hand 20:28 (Paulus se opdrag aan die ouderlinge van Efese: "[28]Pas julle self op en die hele kudde ~~wat die Heilige Gees onder julle sorg gestel het. Soos wagters 'n kudde versorg, so moet julle die gemeente van God versorg~~ oor wie die Heilige Gees julle as opsieners (ἐπισκόπους) aangestel het, om **as herders op te tree** (ποιμαίνειν) vir die gemeente van God, wat Hy vir Hom verkry het deur die bloed van sy eie Seun." ... [31]Wees waaksaam. Onthou dat ek elkeen van julle drie jaar lank onderrig het, aanhoudend, dag en nag, baiekeer met trane. [32]Maar nou vertrou ek julle aan God toe en aan die woord van sy genade. Die woord is magtig om julle op te bou en julle in die seëninge te laat deel wat Hy aan al die gelowiges as erfdeel belowe het.[34]

1 Pet 5:1-3: As mede-ouderling en getuie van die lyding van Christus en ook deelgenoot aan die heerlikheid wat geopenbaar sal word, dring ek by die ouderlinge onder julle daarop aan: [2]**Pas** die kudde van God wat aan julle toevertrou is, goed **op**. Hou toesig oor hulle, nie uit dwang nie, maar gewillig soos God dit verwag; nie om eie gewin nie, maar uit toegewydheid; [3]ook nie deur baas te speel oor dié wat God aan julle sorg toevertrou het nie, maar deur 'n voorbeeld vir die kudde te wees.[35]

Op 7:17: [17]want die Lam wat in die middel van die troon is, sal hulle ~~herder wees~~ as Herder versorg en hulle na die fonteine met die water van die lewe lei; en God sal al die trane van hulle oë afdroog."[36]

2.3.2 Ποιμήν

Die basiese betekenismoontlikhede (volgens die Louw&Nida-Leksikon) van **ποιμήν** is die volgende: [a] skaapwagter: 44.4; [b] herder (bedienaar): 53.72. Betekenismoontlikheid [b] is tersaaklik.

---

[33] Louw & Nida (1988:36.2): **36.2 ποιμαίνω**[b]: (a figurative extension of meaning of ποιμαίνω[a] 'to shepherd,' 44.3) to lead, with the implication of providing for—'to guide and to help, to guide and take care of.' ἐκ σοῦ γὰρ ἐξελεύσεται ἡγούμενος, ὅστις ποιμανεῖ τὸν λαόν μου τὸν Ἰσραήλ 'from you will come a leader who will guide and help my people Israel' Matt 2.6.

[34] **Hand 20:28**: προσέχετε ἑαυτοῖς καὶ παντὶ τῷ ποιμνίῳ, ἐν ᾧ ὑμᾶς τὸ πνεῦμα τὸ ἅγιον ἔθετο ἐπισκόπους ποιμαίνειν τὴν ἐκκλησίαν τοῦ θεοῦ, ἣν περιεποιήσατο διὰ τοῦ αἵματος τοῦ ἰδίου. ... **31** διὸ γρηγορεῖτε μνημονεύοντες ὅτι τριετίαν νύκτα καὶ ἡμέραν οὐκ ἐπαυσάμην μετὰ δακρύων νουθετῶν ἕνα ἕκαστον. **32** καὶ τὰ νῦν παρατίθεμαι ὑμᾶς τῷ θεῷ καὶ τῷ λόγῳ τῆς χάριτος αὐτοῦ, τῷ δυναμένῳ οἰκοδομῆσαι καὶ δοῦναι τὴν κληρονομίαν ἐν τοῖς ἡγιασμένοις πᾶσιν.

[35] **1 Pet 5:1-3:** Πρεσβυτέρους οὖν ἐν ὑμῖν παρακαλῶ ὁ συμπρεσβύτερος καὶ μάρτυς τῶν τοῦ Χριστοῦ παθημάτων, ὁ καὶ τῆς μελλούσης ἀποκαλύπτεσθαι δόξης κοινωνός· **2 ποιμάνατε** τὸ ἐν ὑμῖν ποίμνιον τοῦ θεοῦ [ἐπισκοποῦντες] μὴ ἀναγκαστῶς ἀλλὰ ἑκουσίως κατὰ θεόν, μηδὲ αἰσχροκερδῶς ἀλλὰ προθύμως, **3** μηδ' ὡς κατακυριεύοντες τῶν κλήρων ἀλλὰ τύποι γινόμενοι τοῦ ποιμνίου.

[36] **Op 7:17**: ὅτι τὸ ἀρνίον τὸ ἀνὰ μέσον τοῦ θρόνου ποιμανεῖ αὐτοὺς καὶ ὁδηγήσει αὐτοὺς ἐπὶ ζωῆς πηγὰς ὑδάτων, καὶ ἐξαλείψει ὁ θεὸς πᾶν δάκρυον ἐκ τῶν ὀφθαλμῶν αὐτῶν.

❖ **53.72 ποιμήν**[b], **ένος**: Louw & Nida (1988:36.2) definieer dié betekenis as "'n figuurlike uitbreiding van die betekenis van ποιμήν[a] 'skaapwagter,' 44.4, naamlik iemand wat verantwoordelik is vir die versorging en begeleiding van 'n Christelike gemeente", met die vertaalmoontlikheid "herder/pastor, bedienaar'.[37]

Hierdie woord word in die volgende Skrifdele vir hierdie betekenis gebruik:

Ef 4:11: [11]En dit is die "gawes" wat Hy "gegee het": apostels, profete, evangeliste, en **herders en leraars**. [12]Sy doel daarmee was om die gelowiges toe te rus vir hulle diens en vir die opbou van die liggaam van Christus. ... [16] en uit Hom ~~groei die hele liggaam~~ bewerkstellig die hele liggaam die groei van die liggaam. Die verskillende liggaamsdele ~~pas by mekaar en vorm saam 'n eenheid~~ is goed saamgevoeg en saamgebind deur elke ondersteunende ledemaat. Die verskillende liggaamsdele pas by mekaar en vorm saam 'n eenheid. Elkeen van hulle vervul sy funksie, en so bou die liggaam homself op in liefde.[38]

Heb 13:20: [20]God wat vrede gee, het ons Here Jesus wat deur die bloed van die ewige verbond die groot **Herder** van sy kudde is, uit die dood teruggebring.[39]

1 Pet 2:25: [25]Julle het immers soos skape rondgedwaal, maar nou het julle teruggekom na julle Herder en die Bewaker van julle lewe.[40]

2.3.3 Gevolgtrekking: die betekenis van en openbaring met ποιμαίνω en etimologies-verwante woorde

'n Ouderling moet die gemeente wat aan hom toevertrou is, lei en help soos 'n skaapwagter sy kudde. Die volgende sake kan afgelei word uit die Skrifgegewens:

(i) God gee sekere persone as gawe aan die gemeente, as "herders en leraars" (τοὺς δὲ ποιμένας καὶ διδασκάλους, Ef 4:11).

(ii) Die herders moet die kudde oppas (προσέχετε, Hand 20:28); as herders optree (ποιμαίνειν, Hand 20:28; ποιμάνατε, 1 Pet 5:2) vir die gemeente/kudde van God; waaksaam wees (γρηγορεῖτε, Hand 20:31); en 'n voorbeeld vir die kudde wees (τύποι ... τοῦ ποιμνίου, 1 Pet 5:3); die gelowiges toerus vir hulle diens, naamlik vir die opbou van die liggaam van Christus (πρὸς τὸν καταρτισμὸν ... εἰς ἔργον διακονίας, εἰς οἰκοδομὴν τοῦ σώματος τοῦ Χριστοῦ, Ef 4:12).

(iii) Die herders moet onthou wat hulle onderrig is (μνημονεύοντες ... νουθετῶν, Hand 20:31).

(iv) Ouderlinge word opgebou deur die woord, en dit gee aan hulle die erfdeel (τῷ λόγῳ ... τῷ δυναμένῳ οἰκοδομῆσαι καὶ δοῦναι τὴν κληρονομίαν, Hand 20:32).

(v) Jesus Christus is "die groot Herder van sy kudde" (τὸν ποιμένα τῶν προβάτων τὸν μέγαν, Heb 13:20), en die "Herder en Bewaker van julle lewe" (τὸν ποιμένα καὶ ἐπίσκοπον τῶν ψυχῶν ὑμῶν, 1 Pet 2:25), as Lam sal Hy hulle as Herder versorg en hulle na die fonteine met die water van die lewe lei (τὸ ἀρνίον ... ποιμανεῖ αὐτοὺς, Op 7:17).

---

37 Louw & Nida (1988:53.72): **53.72 ποιμήν**[b], **ένος**: (a figurative extension of meaning of ποιμήν[a] 'shepherd,' 44.4) one who is responsible for the care and guidance of a Christian congregation—'pastor, minister.' αὐτὸς ἔδωκεν τοὺς μὲν ἀποστόλους, τοὺς δὲ προφήτας, τοὺς δὲ εὐαγγελιστάς, τοὺς δὲ ποιμένας καὶ διδασκάλους 'he appointed some to be apostles, some to be prophets, some to be evangelists, others to be pastors and teachers' Eph 4.11. Note that in Eph 4.11 there are four classes of persons, not five, for the last class involves two complementary roles, that of pastor and teacher, in other words, to guide and help a congregation as well as to teach.

38 **Ef 4:11**: καὶ αὐτὸς ἔδωκεν τοὺς μὲν ἀποστόλους, τοὺς δὲ προφήτας, τοὺς δὲ εὐαγγελιστάς, τοὺς δὲ ποιμένας καὶ διδασκάλους, **12** πρὸς τὸν καταρτισμὸν τῶν ἁγίων εἰς ἔργον διακονίας, εἰς οἰκοδομὴν τοῦ σώματος τοῦ Χριστοῦ **... 16** ἐξ οὗ πᾶν τὸ σῶμα συναρμολογούμενον καὶ συμβιβαζόμενον διὰ πάσης ἁφῆς τῆς ἐπιχορηγίας κατ' ἐνέργειαν ἐν μέτρῳ ἑνὸς ἑκάστου μέρους τὴν αὔξησιν τοῦ σώματος ποιεῖται εἰς οἰκοδομὴν ἑαυτοῦ ἐν ἀγάπῃ.

39 **Heb 13:20**: Ὁ δὲ θεὸς τῆς εἰρήνης, ὁ ἀναγαγὼν ἐκ νεκρῶν τὸν **ποιμένα** τῶν προβάτων τὸν μέγαν ἐν αἵματι διαθήκης αἰωνίου, τὸν κύριον ἡμῶν Ἰησοῦν.

40 **1 Pet 2:25**: ἦτε γὰρ ὡς πρόβατα πλανώμενοι, ἀλλὰ ἐπεστράφητε νῦν ἐπὶ τὸν ποιμένα καὶ ἐπίσκοπον τῶν ψυχῶν ὑμῶν.

3. Gevolgtrekking: die openbaring in die Nuwe Testament oor die (diens van) ouderling

1. Uit Tit 1:7 blyk dit dat *presbuteros* en *episkopos* sinonimies gebruik word[41]; wat dus van die *episkopos* geld, is ook op *presbuteros* van toepassing, en omgekeerd. Tog is dit belangrik om dit onderskeidend te vertaal, as "ouderling" (*presbuteros*) en "opsiener"[42] (*episkopos*). Die derde term, *poimên,* roep die herder-metafoor[43] op, en figureer binne dieselfde semantiese veld as die ander twee.
2. 'n ἐπίσκοπος is iemand wat "opsien", kerkleierskap as bediening het. Hierdie opsienerskap behels ook 'n toesigtaak wat deur God aan hulle opgelê is (κατὰ θεόν) (1 Pet 5:2). Insgelyks is 'n *presbuteros* 'n persoon met verantwoordelikheid en bevoegdheid mbt godsdienstig-etiese sake, waarin hy moet dien deur leiding te gee.
3. Die Heilige Gees het die opsieners (ἐπισκόπους) aangestel, om as herders op te tree (ποιμαίνειν) vir die gemeente van God (Hand 20:28); God gee sekere persone as gawe aan die gemeente, as "herders en leraars" (τοὺς δὲ ποιμένας καὶ διδασκάλους, Ef 4:11).
4. Die take waarvoor die ouderlinge die bevoegdheid (=volmag) kry, is dat hulle die volgende moet doen:
   a. die kudde oppas (προσέχετε, Hand 20:28); as herders sorg (ποιμαίνειν / ποιμάνατε) vir die kudde van God (Hand 20:28; 1 Pet 5:2); en 'n voorbeeld vir die kudde wees (τύποι ... τοῦ ποιμνίου, 1 Pet 5:3)
   b. waaksaam wees (γρηγορεῖτε, Hand 20:31)
   c. onthou wat hulle onderrig is (μνημονεύοντες ... νουθετῶν, Hand 20:31); Ouderlinge word opgebou deur die woord, en dit gee aan hulle die erfdeel (τῷ λόγῳ ... τῷ δυναμένῳ οἰκοδομῆσαι καὶ δοῦναι τὴν κληρονομίαν, Hand 20:32)
   d. die gelowiges toerus vir hulle diens, naamlik vir die opbou van die liggaam van Christus (πρὸς τὸν καταρτισμὸν ... εἰς ἔργον διακονίας, εἰς οἰκοδομὴν τοῦ σώματος τοῦ Χριστοῦ, Ef 4:12)
   e. onderrig (διδακτικόν, 1 Tim 3:2)
   f. met die gesonde leer opvoeding gee (παρακαλεῖν, Tit 1:9).
   g. teësprekers weerlê (τοὺς ἀντιλέγοντας ἐλέγχειν, Tit 1:9).
   h. leiding gee (προεστῶτες, 1 Tim 5:17)
   i. sommiges preek en gee onderrig (οἱ κοπιῶντες ἐν λόγῳ καὶ διδασκαλίᾳ, 1 Tim 5:17)[44]
   j. bid vir siekes en hulle met olie salf (Jak 5:14)
   k. Ook 'n ander beeld as dié van herder-kudde word gebruik: 'n opsiener is bestuurder oor die huishouding van God (θεοῦ οἰκονόμον) (Tit 1:7); dit impliseer dat God die *kurios* (huisbaas) is, met die *episkopos* wat met 'n mandaat van die huisbaas, die huishouding bestuur. Hiertoe kry die *episkopos* die bevoegdheid, die volmag. Hy het nie self die gesag nie, maar bedien die gesag van Christus deur te lei en te bind.[45]
5. Daar word in die NT onderskei tussen die *episkopoi* en die *diakonoi* (Fil 1:1).
6. Die ouderlinge is verkies (χειροτονήσαντες, Hand 14:23) en aangestel (καταστήσῃς, Tit 1:5), en moet hulle plig uitvoer "soos God dit verwag" (κατὰ θεόν, 1 Pet 5:2).

---

41 Hierdie sinonieme gebruik is eers duidelik in die latere briewe van Paulus. Dit is opmerklik dat Paulus in sy vroeëre briewe nie die term *presbuteros* gebruik nie, maar meer op die funksie/diens as die "amp" fokus.

42 "Opsiener" sou goed wees, maar is archaïes.

43 Die herder-beeld word ook van Jesus Christus gebruik: Hy is "die groot Herder van sy kudde" (τὸν ποιμένα τῶν προβάτων τὸν μέγαν, Heb 13:20), en die "Herder en Bewaker" van hulle lewe (τὸν ποιμένα καὶ ἐπίσκοπον τῶν ψυχῶν ὑμῶν, 1 Pet 2:25), en as Lam sal Hy hulle as Herder versorg en hulle na die fonteine met die water van die lewe lei (τὸ ἀρνίον ... ποιμανεῖ αὐτοὺς, Op 7:17). Dit beteken dat die ouderlinge hulle herderskap op Christus se herder-wees moet yk.

44 Vgl oor die onderskeid tussen regeer- en leer-ouderling (Studie 5, bl. 27 ev). Die onderskeid soos dit tans in praktyk in die GKSA voorkom, is dus in die Nuwe Testament self nie ontwikkel nie;

45 Dit is dan ook opmerklik dat die woord "hoof" oor die kerk slegs met verwysing na Christus gebruik word. Die enigste geval waar 'n mens die "hoof" is, is binne die huwelik, waar na die man verwys word as die hoof van sy vrou.

7. Die ouderlinge het saam met die apostels besluitnemingsbevoegdheid, en hierdie besluit(e) het gesag (Hand 15:2–16:4).
8. Daar is spesifieke dissipline-maatreëls vir klaghantering teen ’n ouderling en vir die bestraffing van ’n ouderling (1 Tim 5:19).

4. Implikasies vir die huidige vraagstelling oor die ouderlingsdiens

Hierdie bibliologiese studie wys dat die diens van die ouderling ’n wye mandaat van take omvat, wat “gespesialiseerde take” insluit. Die Skrif maak wel ‘n onderskeid tussen regeer- en leerouderlinge; die implikasie van hierdie onderskeid word in die res van hierdie studie verder beredeneer.

Aangehaalde bron

Louw, JP, & Nida, EA. 1996, c1989. *Greek-English lexicon of the New Testament : Based on semantic domains* (electronic ed. of the 2nd edition.) . United Bible societies: New York.

Besluit: Kennis geneem van Studiestuk 1.

STUDIE 2

BIBLIOLOGIESE STUDIE OOR DIE VEREISTES VIR OUDERLING-WEES.

Francois Muller

1. Inleiding

Hierdie afdeling fokus op die vereistes van die *persoon* wat in die amp moet / wil dien. Verder word onderskei tussen die *vereistes vir* en die *opdragte aan* ouderlinge. Die doel is om uiteindelik duidelik te maak hoe ‘n ouderling (moet) lyk – juis sodat hy sy opdragte kan uitvoer – of dalk sodat dit hom nie daarin belemmer nie (vgl die gebruik van de‹ in 1 Tim 3:2).

2. Relevante Skrifgedeeltes

2.1 Tim 3:1-7 & Titus 1:5-9

2.2 1 Petrus 5:1-3 en 2 Tim 2:24 hoef nie hier hanteer te word nie. Hoewel hierdie gedeeltes na ouderlinge verwys, gee dit nie belangrike bykomende inligting nie en gaan dit hier ook eerder oor opdragte as karaktereienskappe.

3. 1 Tim 3:1-7

3.1 *Kernvereistes vir ouderlinge*

a. **Onberispelik** (ανεπίλημπτον = iemand op wie daar nie maklik ‘n houvas gekry kan word nie.) Dis ook nie maar net iemand wat ‘n goeie naam het nie, maar sy goeie naam waardig is.
b. **Getrou aan sy vrou** / man van een vrou (μιας γυναικός άνδρα = letterlik: van een vrou ‘n man). Uit die woordorde is dit duidelik dat dit hier daaroor gaan dat ‘n ouderling nie ‘n veelwywer moet wees nie. Titus 1:5 het dieselfde woordorde. (Die klem val hier nie daarop dat dit ‘n *man* móét wees nie.)
c. **Nugter**. Dis noodsaaklik om nugter te kan dink om te kan toesien dat dinge werklik ordelik verloop – dat *Bybelse* beginsels *sinvol* toegepas word. ‘n Fanatikus sal dus nie ‘n goeie ouderling maak nie (vgl ook 1 Petrus 4:7).
d. **Verstandig** / ingetoë (σώφρονα): Dit sluit aan by die nugterheid en vloei daaruit voort – dat iemand uiteindelik nie maar net weet wat reg is nie, maar daarvolgens optree (met selfbeheersing).
e. **Beskaaf** / fatsoenlik (κόσμιον). Volgens die woordeboek van Louw & Nida gaan dit hier daaroor dat so iemand “modest in the sense of moderate and well-ordered” moet wees. Louw & Nida praat ook van “becoming”. So iemand moet netjies (in figuurlike sin) wees, ‘n goeie indruk skep en nie uitspattig wees nie.

f. **Gasvry**. Deesdae is hierdie eienskap in ons lewe van "elkeen vir homself en sy eie gesin" al hoe belangriker. 'n Ouderling moet mense laat welkom voel – nie afstoot nie.
g. **Bekwaam om te onderrig**.
h. **Nie** 'n **drankmisbruiker** nie.
i. **Nie** 'n **rusiemaker** / vegter nie (πλήκτην). Louw & Nida praat hier van 'n *boelie* – dus iemand wat mag misbruik om *knaend* iemand fisies of geestelik *af te knou* nie. Die gesag wat 'n ouderling ontvang, stel immer baie mag tot sy beskikking.
Maar wel:
j. **Inskiklik** (επιεικη = bedagsaam, tegemoetkomend).
k. **Geen vuilgewinsoeker** (1953: αισχροκερδη) kom nie in UBS voor nie.
l. **Vredeliewend** / geen stryd*lustige* (άμαχον), nie moeilikheid*soeker*.
m. **Nie geldgierig** nie.
n. **Nie onlangs tot die geloof gekom** het nie / 'n nuweling wees nie (νεοφυτον = nie 'n nuwe plant / saailing nie – dus iemand wat al volwassenheid in die geloof bereik het).
o. Moet 'n **goeie getuies** van mense buite die gemeente (έξωθεν = die wat buite is). Dit kan uit vers 7 afgelei word dat as daar praatjies ontstaan, die ouderling in reaksie daarop iets onbesonne kan doen. As die mense wat bv. saam met hom werk (waarvan baie dalk nie gelowiges is nie) hoor dat hy ouderling geword het, kan hulle hom maklik spot: "Wat hoor ons, het hulle *jou* 'n ouderling gemaak?!" Die wêreld weet gewoonlik nie wat reg is nie, maar is baie keer gou om raak te sien wat verkeerd is.

3.2 *'n Praktyktoets*

a. Hy moet sy eie **huisgesin goed kan beheer** (προϊστάμενον = begelei [Louw & Nida: guide], aktief help). Die selfde beginsel geld hier as by die vyfde gebod wat oor die hele kwessie van die uitoefening en aanvaarding van wettige gesag gaan, en waar dit ook in 'n mens se eie huis begin.
b. Hy moet nie maar net sy gesin goed kan beheer nie, maar dit boonop op die regte manier doen: **altyd waardig** / ordentlik (πάσης σεμνότητος). **Vers 4** gebruik ook (ενυποταγη = in gehoorsaamheid, in onderdanigheid). Dit impliseer dat 'n ouderling (of ouer) geen diktator mag wees nie, maar in gehoorsaamheid / onderdanigheid aan God gesag moet uitoefen. **Vers 6** waarsku juis teen verwaandheid – wanneer 'n mens ophou met Gód om rekening te hou.

3.3 *Opmerking*

Die meeste woorde in die teks, word redelik eenvoudig deur Louw & Nida hanteer. Dis nie "moeilike woorde met fyn, belangrike nuanse verskille" nie. 'n Mens moet dus waarskynlik eerder 'n geheelbeeld probeer vorm as wat jy alles in detail gaan probeer ontleed. Verder word verskeie woorde hanteer onder die afdeling: "Moral and ethical qualities and related behavior." Dit hang saam met die gedagte dat 'n goeie karakter tot goeie optrede behoort te lei. Daar word nie vereistes gestel oor 'n ouderling se omstandighede nie, maar hoe hy dit hanteer – bv nie of hy ryk of arm is nie, maar of hy geldgierig is. Uiteindelik moet 'n ouderling so optree dat hy geloofwaardigheid behou en nie mense se respek verloor nie.

Die feit dat Paulus in **vers 7**, byna as 'n nagedagte, begin met "Ook moet hy buite (die gemeente)...", dui daarop dat dit in die eerste plek gaan oor medegelowiges se oordeel t.o.v. die persoon wat as ouderling dien en nie soseer wat mense in die algemeen van hom dink nie.

4. Titus 1:5-9

Om te begeer vs om aan te stel

Let daarop dat 1 Tim 3 begin by "wie ook al 'n ouderling wil wees" en dan vereistes stel. Hier beveel Paulus vir Titus om ouderlinge as't ware uit te soek en aan te stel. Hier kom die inisiatief van die ander kant af. Van tyd tot tyd moet baie Kerkrade dit steeds doen.

4.1 *Kernvereistes vir 'n ouderling se karakter*

a. **Onberispelik van gedrag as bestuurder** / onberispelik as rentmeester (ανέγκλητος). Hoewel Paulus hier 'n ander woord as in 1 Tim 3 gebruik, is daar nie 'n beduidende verskil nie.
b. **Getrou aan sy vrou** (kyk nota by 1 Tim 3).
c. Sy **kinders moet gelowig wees** (τέκνα έχων πιστά) en nie as losbandig en rebels bekend staan nie. Waar die klem in 1 Tim 3 val op hoe die ouderling sy kinders moet groot maak, gaan dit hier oor watter vrug die opvoeding met dra. Let wel dat die Grieks nie 'n opdrag bevat: "Sy kinders *moet* geloof hê," nie, nie maar 'n beskrywing gee – 'n deelwoord word gebruik. Letterlik vertaal praat Paulus van "kinders wat het geloof".
d. **Nie aanmatigend** / nie eiesinnig (μη αυθάδη = L&N: arrogant).
e. **Nie opvlieënd** / oplopend (μη οργίλον = kort van draad)
f. **Nie 'n dronkaard** / drinker (μη πάροινον = selfde as in 1 Tim 3)
g. **Nie 'n rusiemaker** / vegter (μη πλήκτην = selfde as in 1 Tim 3)
h. **Nie 'n soeker na oneerlike wins** / vuilgewinsoeker (μη αισχροκερδη = L&N: onbeskaamd gierig)
i. **Gasvry** (φιλόξενον selfde as in 1 Tim 3)
j. **Die goeie liefhê** (φιλάγαθον)
k. **Verstandig** / ingetoë (σώφρονα = selfde as 1 Tim 3)
l. **Regverdig**
m. **Vroom** / heilig (όσιον = LN: heilig, toegewyd)
n. **Selfbeheersd**
o. Hy moet ***vashou* aan die Woord** / een wat vashou aan die Woord (αντεχόμενον = deelwoord wat eerder die eienskap as die aksie vooropstel).

4.2 *Opmerking*

Die feit dat die twee stelle vereistes in 1 Tim 3 en Titus 1 grootliks met mekaar ooreenstem wat inhoud en volgorde betref, maar nie 100% identies is nie, dui verder daarop dat dit nie soseer oor die detail gaan nie, maar oor die geheelbeeld wat Paulus telkens skets om duidelik te maak wie geskik is om as ouderling te dien. Dit beteken nie dat die detail onbelangrik is nie. As iemand op een punt gruwelik faal, gaan dit die hele prentjie skeef trek.

Hiermee saam moet in gedagte gehou word dat Paulus dit alles per brief kommunikeer. Die opstapeling wat Paulus beide kere gebruik gee die indruk dat hy net sowel – as dit 'n gesprek was en nie 'n brief nie – die vereistes elke keer kon afsluit met die vraag: "Kry jy nou die prentjie?". So vraag maak egter nie in 'n brief sin nie.

5. Konklusies

5.1 Daar is twee lyste met verskeie vereistes vir hoe iemand moet wees om as ouderling te kan dien. Die onderliggende gedagte is dat 'n goeie karakter tot goeie optrede behoort te lei. Die twee lyste stem grootliks ooreen, maar is nie identies nie. Die klem val dus eerder op die geheelbeeld as op elke detailpunt. Die eienskappe moet dus nie soos op 'n "checklist" afgetik word nie. Indien iemand egter op 'n punt gruwelik faal, sou dit die hele prentjie so skeef trek dat hy nie geskik geag kan word nie.

5.2 Uit die feit dat spesifieke vereistes gestel word, is dit duidelik dat nie elkeen wat 'n ouderling wil wees, geskik daarvoor is nie.

5.3 Wie ook al gespesialiseerde diens wil doen, moet aan dieselfde vereistes as ouderlinge voldoen.

5.4 Daar is ruimte vir iemand om te vra om gespesialiseerde diens te mag verrig en vir 'n Kerkraad om iemand daartoe op te roep: "As iemand graag 'n ouderling wil wees ... (1 Tim 3:1).

Besluit: Kennis geneem van Studiestuk 2.

STUDIE 3

DIE AMP VAN OUDERLING – KERKORDELIKE AANDUIDINGS
MALAN VAN RHYN

1. Inleiding

1.1 *Oorsprong van die opdrag:* Die versoek tot die studie oor die amp[46] van ouderling het sy oorsprong in die Rapport van die Kuratorium op die Nasionale Sinode van 2006:

"2.3.4.2 Opleiding vir diverse, spesifieke en gespesialiseerde bediening (nie-predikants-opleiding)

(i) Kerke, veral kerke in die Afrika-konteks (maar nie net hulle nie!) het 'n groot behoefte aan opgeleide persone wat as pastorale medewerkers in gemeentes kan diens doen. Tot nou toe is hierdie persone dikwels evangeliste of preekhulpe genoem, maar kerkregtelik is dit nodig om orde op sake te stel.

(ii) Dit lyk wenslik om sodanige persone in die amp van ouderling te bevestig, en maksimale opleiding te verskaf.

(iii) Oor watter kwalifikasies hiervoor voldoende gaan wees, moet daar nog meer gesprek met die kerke gevoer word.

(iv) In hierdie verband versoek die Kuratore Sinode 2006 om 'n indringende studie van die amp van ouderling te doen, ten einde hierdie amp tot die maksimum te ontsluit met die oog op die bedieningsbehoeftes van kerke, veral kerke in die Afrika-konteks, maar ook met insluiting van alle ander kerke in die GKSA." (p803, 804.)

"2.3.7.6 besluit om Studiedeputate aan te wys om 'n diepgaande studie te maak van die amp van ouderling ten einde dit optimaal te benut in die lig van die behoeftes van die kerke aan persone wat verantwoordelikheid kan aanvaar vir diverse, spesifieke en gespesialiseerde bedieningswerk in die kerke (vgl 2.3.4.2)" (p 805).

1.2 *Kerkregtelike agtergrond*

In sy inleiding tot die Kerkordeboekie (1998:5) skryf prof A le R du Plooy:

"* Nadat die buitengewone dienste (soos apostels en profete) in en deur Christus die fondamente van die kerk gelê het (Ef 2:20), word daarop voortgebou deur die besondere dienste van ouderlinge (leer- en regeerouderlinge) en diakens. Al die ouderlinge (presbuteroi) was opsieners of regeerders in die kerke, en sommige het besonderlik as leraars die diens van die Woord verrig (Hand 6, 11:30, 14:23 20:28; Pastorale Briewe, byvoorbeeld 1 Tim 3:2, 5:17, 2 Tim 2:2; Filp 1:1; 1 Pet 5).

* Deur die bediening van die Woord die sakramente en die kerklike tug of dissipline (Matt 16:17-19; 2 Tim 4:2; 1 Kor 10:16 ev, 1 Kor 11:23; 1 Kor 5) kan gelowiges toegerus word en die kerk opgebou word."

Dit is dus duidelik dat ouderlinge "gespesialiseerde" dienswerk in gemeentes verrig het – sommige ouderlinge het as leraars diens gedoen. Alle leraars was dus ouderlinge, maar nie alle ouderlinge was leraars nie. Hier word nie verder op die onderskeid van leerouderlinge en regeerouderlinge ingegaan nie, aangesien dit elders in die Rapport gedoen word (vgl Afdeling 2, Studie 5).

2. Die Kerkorde oor die amp van ouderling

2.1 *Die volgende KO artikels is ter sake:*

Artikel 16

Die amp van die bedienaars van die Woord is om in die gebede en bediening van die Woord te volhard, die Sakramente te bedien, om goed ag te gee op hulle medebroeders, op die ouderlinge, op die diakens sowel as op die gemeente en eindelik om saam met die ouderlinge die kerklike dissipline uit te oefen en te sorg dat alles betaamlik en ordelik plaasvind.

---

[46] Die Deputate verkies die woord "diens", maar omdat die woord "amp" in die opdrag en in die KO gebruik word, word die twee woorde afwisselend gebruik.

(**Artikel 22 –** Hierdie artikel handel oor die wyse van verkiesing en is nie regtig ter sake vir die studie nie.)

Artikel 23

Die amp van die ouderlinge is, benewens dit wat hulle gemeenskaplik saam met die bedienaar van die Woord moet doen soos in artikel 16 neergelê, ook om toesig te hou dat bedienaars van die Woord, hulle mede-ouderlinge en die diakens hulle ampte getrou bedien; verder om huisbesoek te doen tot stigting van die gemeente soos die omstandighede van tyd en plek dit toelaat, sowel voor as na nagmaal, om die lidmate veral te vertroos en te onderrig en om ook ander tot die Christelike Godsdiens op te wek.

Artikel 55

Om die suiwere leer in die gemeente te handhaaf en om die valse leringe en dwalinge te weer, wend die bedienaars van die Woord en die ouderlinge by die uitoefening van hulle onderskeie ampte, by die bediening van die Woord, by die kategetiese onderrig en by die huisbesoek, die middele van lering, weerlegging, waarskuwing en vermaning aan.

2.2 *Samewerking*

Hoewel die Kerkorde 'n definitiewe onderskeid maak tussen die amp van bedienaar van die Woord en ouderling, is daar tog take en terreine waar die bedienaar van die Woord en die ouderlinge saam dien (bv tug en kerkregering).

2.3 *Gespesialiseerde dienswerk van die ouderling*

Daar is ook take en terreine waar die ouderlinge selfstandig dien ("benewens dit wat hulle gemeenskaplik saam met die bedienaar van die Woord moet doen soos in artikel 16 neergelê"). Hierdie take is: " ook om toesig te hou dat bedienaars van die Woord, hulle mede-ouderlinge en die diakens hulle ampte getrou bedien; verder om huisbesoek te doen tot stigting van die gemeente soos die omstandighede van tyd en plek dit toelaat, sowel voor as na Nagmaal, om die lidmate veral te vertroos en te onderrig en om ook ander tot die Christelike Godsdiens op te wek." Ons kan hierdie take saamvat as toesig (en regering), huisbesoek tot stigting van die gemeente en evangelisering.

Onder huisbesoek word verstaan nie bloot die besoek aan die blyplek van 'n lidmaat nie, maar die pastorale sorg aan en die geestelike opbou van die lidmaat. So gesien is huisbesoek al klaar gespesialiseerde dienswerk. Sien hier onder o.a. "3. Gevolgtrekking: die openbaring in die Nuwe Testament oor die (diens van) ouderling" in die afdeling: Bibliologiese Studie, bl 13 ev.

Volgens artikel 23 het die ouderling ook die taak van evangelisering, wat ook gespesialiseerde dienswerk is. Hierdie opdrag word ook in die Bevestigingsformulier (ouderlinge) vervat: "U opdrag as ouderling(e) is dus die volgende: ... 4. U moet ook die afvalliges en heidene tot bekering en geloof in Jesus Christus roep, want so vergader Christus sy kerk." Deur die taak van huisbesoek en evangelisering ook aan die ouderlinge toe te skryf, gee die kerkorde dus 'n breë volmag aan ouderlinge tot "gespesialiseerde dienswerk." "Gespesialiseerde dienswerk" was dus eintlik nog altyd deel van die opdrag en taak van die ouderlinge.

Dit beteken egter nie dat sekere ouderlinge byvoorbeeld net vir evangelisasiewerk afgesonder kan word en vrygestel kan word van die ander pligte van ouderling nie. (Vgl die Sinodebesluit van 1967 teen Funksionele Differensiasie van die Ouderlingamp.)

In 1967 het die Sinode (Handelinge 1967:100-102) 'n versoek tot Funksionele Differensiasie van die Ouderlingamp afgewys. In die beredenering staan: "Deur ouderlinge af te sonder vir evangelisasie en sending en hierdie funksies aan hulle toe te wys, ontstaan nuwe ampte, wat in elk geval onnodig is, want wesentlik is hierdie funksie amptelike bediening aan afgedwaaldes en heidene onderskeidelik. Dit is die werk van 'n bedienaar van die Woord."

Die laaste sinnetjie is problematies: "Dit is die werk van 'n bedienaar van die Woord." Indien dit sou beteken dat dit net die werk van 'n bedienaar van die Woord is en nie ook van ouderlinge nie, sou dit KO, art 23 en die Bevestigingsformulier direk weerspreek

wat die evangelisasietaak duidelik ook aan ouderlinge opdra. Die redenasie dat die ouderlinge betrokke is by evangelisasiewerk slegs deur toesighouding oor die evangelisasiewerk van die predikant, weerspreek ook duidelik die Bevestigingsformulier vir ouderlinge en KO, art 23.

Die Sinode het egter nie ***besluit*** dat evangelisasie slegs die werk van 'n bedienaar van die Woord is nie. Die Sinodebesluit was teen 'n versoek tot ampsdifferensiasie. Die gedeelte wat oënskynlik (verkeerdelik) aanvoer dat evangelisering slegs die plig van 'n bedienaar van die Woord is en nie ook van ouderlinge nie, is in die beredenering en is nie deel van die besluit van die Sinode nie. Die beredenering het tot 'n besluit gelei, maar die beredenering was nie die besluit nie. Die besluit was om die versoek (dat sekere ouderlinge afgesonder word om slegs sekere take, soos evangelisasie, te mag doen en die ander pligte van ouderlingdienswerk na te laat) af te wys. Die besluit was dus nie teen ouderlinge wat evangelisasie werk doen nie, maar teen die gedagte dat ouderlinge afgesonder word vir slegs sekere take en dat dit hulle sou kwytskeld van die normale take van 'n ouderling.

3. Konklusie

Daar is duidelik uit die Kerkorde aangetoon dat ouderlinge geroep is om as deel van hulle dienswerk "gespesialiseerde dienswerk" soos pastorale sorg en evangelisering te verrig, maar op so 'n wyse dat hulle nie hulle algemene verantwoordelikhede nalaat nie. Spesifieke ouderlinge kan hulle dus op sekere aspekte van die "gespesialiseerde dienswerk" toespits, sonder om enige aspek van hulle dienswerk af te skaal.

Besluit: Kennis geneem van Studiestuk 3.

STUDIE 4

DIE AMP VAN OUDERLING – KERKHISTORIESE AANDUIDINGS
HENNIE MOMBERG

1. Hoe die ouderlingamp histories gefunksioneer het, veral in Gereformeerde Kerke

Geselekteerde bronneversameling:

Vir die naspeuring van hierdie saak – hoofsaaklik 2 hoofbronnegroepe, iets uit die neerslag van die Patristiek, en verder ook die beskrywing van die saak soos dit in die geskiedenis van die Reformasie en daarna voorgekom het. Uit die aard van die saak is dit op sigself 'n enorme opgawe as mens dit in detail sou wou doen. Dit is egter nie die bedoeling dat ons die kosbare werk van baie goeie en betroubare werke moet oor doen nie, maar eerder dat ons opsommenderwys daarvan gebruik maak. Ek het heelwat van die oorspronklike bronne met verskeie soekopsies deursoek en in die lig van die besondere vraag aan die Studiedeputate my probeer bepaal by die volgende vraagstukke:

a. Hoe is die ampsdiens in die algemeen verstaan?
b. Hoe het die amp van die ouderling gefunksioneer, spesifiek in samehang met die verbesondering daarvan in die amp van die predikant?
c. Hoe het hulpdiens op verskeie terreine in die gemeentes saam met die ampte gefunksioneer tot opbou van die gemeentes?
d. Op watter wyse is aan hierdie hulpdienste erkenning verleen en ordelik gebruik gemaak?

A: Hoe is die ampsdiens in die algemeen verstaan

Vanuit die Reformatoriese geskiedenis is dit volgens Van't Spijker veral Maartin Bucer[47] wat die eerste grondleggende werk gedoen het waarop die ander Reformatore, besonderlik Calvyn, voortgebou het.[48] Teenoor verskillende afwykende beskouings,

[47] Van't Spijker 1987, De ambten bij Martin Bucer.
[48] Institusie Boek 4

byvoorbeeld die statiese ampsbegrip van Rome, asook die geestelike funksionering van die amp by Rome (ex opere operato), het Bucer vanuit die Skrif eerstens die priesterskap van alle gelowiges herwaardeer. Grondleggend vir die uitoefening van die amp van die gelowige is die gawe en besit van die Heilige Gees wat al Christus se deugde en verdienstes ons deelagtig maak. Maar daarby die roeping en opgawe om mekaar volgens die verskeidenheid van ons gawes te bedien. So word die saak ook omvattend behandel in die historiese agtergronde van die ampsdiens deur Voetius[49], Rutgers[50], Bouwman[51].
Tog stem die hele Reformatoriese tradisie saam dat daar ook die roeping en bediening met die oog op bekering, geloof en gemeentebou is, wat méér is as alleen 'n funksie van die Geesvervulde priesterskap van alle gelowiges. Al die gelowiges het hulle taak in die één liggaam, maar daar is tog ook 'n roeping wat nie sonder meer vir almal geld nie. Daar is iets van 'n missio Dei, 'n goddelike sending waarin God self voorbehoude het en waarvoor Hy arbeiders in die wingerd uitstuur. Sulke arbeiders staan nie bo die gemeente verhewe nie, hulle staan ook nie teenoor die gemeente nie, maar hulle is één met die liggaam en leef as deel daarvan.. wanneer daar enigsins sprake kom van teenoor die gemeente te staan kom, dan is dit weens die Goddelike bevel... dan is dit eintlik teenoor die Woord van God. Niemand mag gaan preek tensy hy van Godsweë geroep is nie (Rom 10).

Roeping
Daarin is uit die reformatoriese tradisie 'n hele aantal aspekte onderskei. Ten eerste die gawe/s van wysheid, welsprekendheid, sorgsaamheid, getrouheid en die begeerte om die Woord van die Here daarin te bedien. Ten tweede ook die fyner afrigting en bekwaammaking daartoe, nie alleen vir die noodsaaklike voorbereiding tot die diens nie, maar ook vir die eventuele uitoefening daarvan. Ten derde die herkenning van hierdie gawe/s deur die gemeente en verkiesing en seremoniële bevestiging wat daarby hoort.
Hoe is die onderskeiding in die ampte gesien?
Teenoor Rome wat veral die statiese en dus graduele verskil tussen die onderskeie ampte beskou, het die Reformatoriese die onderskeid enigsins in onderskeidende toerustingsbedieninge gesien. Bucer het in sy beskouing oor die wesensgelykheid van die dienste selfs sover gegaan dat hy in sy kerkorde slegs een bevestiging vir episkopi, presbiters en diakens voorgestel het. Verder is met verloop van tyd die variasie van die woordbedienende gawes soos dit in Efesiërs 4 gevind word, gesien as variasies van die presbiteriale diens waarvan sommige spesialisasies verval het, en ander spesialisasies gebly het, en selfs nuwe spesialisasies ontstaan het. Wat daarvan oorgebly het, is hoofsaaklik die ouderlinge, die predikante en die dosente. Tog was deurgaans erken dat al die spesialisasies/variasies berus het op die basis van die ouderling-amp, en bedoel was om die ouderling-amp beter toe te rus tot die toerusting van die hele gemeente.
Daar kan die afleiding gemaak word, dat dit deurgaans die verstandhouding in die Gereformeerde tradisie was, dat die ouderlinge as herders (Joh 21, Hand 20, 1 Pet 5) die basiese besondere diens vir die opbouende gemeentes was. Deur hulle dienswerk word die gemeente vir hulle dienswerk toegerus. Die basiese verantwoordelikheid vir die toestand van die gemeente berus ook op die ouderlinge, selfs tot so 'n mate dat in Gereformeerde kerkordelike definisies die bestaan van 'n gemeente daarvan afhanklik is of daar ouderlinge aanwesig is (Kyk KO artt 38, 39). 'n Gemeente kan sonder 'n episkopos wees – en dit sou as 'n tydelike gebrek by die gemeente konstateer kon word wat spoedig aangespreek moet word. 'n Gemeente kan ook sonder diakens wees – en dit sou ook as 'n tydelike gebrek konstateer kon word wat spoedig aangespreek moet word. Maar 'n gemeente sonder presbiters kan nie bestaan nie. Volgens die Gereformeerde kerkbeskouing is die raad van ouderlinge die enigste gesagsorgaan wat Christus daargestel het om die welsyn van sy gemeente in sy Naam te behartig. Vandaar

[49] sy Politica ecclesiastica, verwerk deur FL Rutgers
[50] Rutgers se Het Kerkrecht
[51] H Bouwman se Gereformeerd Kerkrecht, Boek 2 afdeling 1 hfst 1.

selfs die verskerpte benaming van hoe die Gereformeerde godsdiens die Bybelse kerkregering verstaan as die 'presbiteriale kerkregering.' Elke aktiwiteit wat in die gemeente plaasvind, staan onder die opsig en dissipline van die presbiters. Dit is 'n grondleggende vertrekpunt vir die behandeling van die studievraagstuk op hande.

Dit lui dus geen twyfel nie, dat uit die geskiedenis van die Reformasie deurgaans die standpunt gehuldig is dat waar die ouderlinge behoorlik in hulle diens toegerus is, hulle ook die gemeente behoorlik moet/kan toerus. Waar ouderlinge geroepe is om oor al die spesiale bedieningswyses van woordverkondiging, toesighouding en diens van barmhartigheid toesig te hou, is dit 'n kardinale voorwaarde dat hulle self toegerus moet wees om dit te kan doen. So lê dit dan ook as 'n taak uit hulle midde om besondere dienswerk deur die bediening van lidmate met besondere gawes na gelang die behoefte en die roeping van die gemeente uit hulle eie midde volgens die Woord van die Here daar te stel. Besonder opmerklik is die behandeling wat Bouwman gee aan die daarstelling van hulpdienste in die gemeente.[52] Onder hierdie hulpdienste sluit hy kerklike administrateurs, siekebesoekers, katkisasieleerkragte, voorlesers, kosters, orreliste en kerklike bediendes. Hy toon uitvoerig aan uit die werke van Voetius, Klassis handelinge, Sinodes van Emden (1571) en Middelburg (1581), die kerkgeskiedenis van die 17e eeu en verder dat verskeie hulpdienste gebruik is onder leiding en opsig van Kerkrade tot opbou van die gemeentes.

En dan geld die beginsel dat profete profete oplei. Toegeruste presbiters wat as sodanig deur die ander presbiters herken en erken is, moet presbiters oplei tot toerusting van die gemeente om hulle dienswerk te doen. Die gebruikmaking deur Calvyn van *La Congrégation* (die weeklikse samekoms van predikante) as instrument vir verdere onderlinge afrigting van predikante en inkubator van sy kommentare op die Bybelboeke is hierin sprekend:

> The *congrégation* is an ecclesiastical institution, prescribed by the Church order of Geneva and intended for all ministers from the city and the surrounding villages, in order 'to maintain purity and unity in doctrine' (*pour converser pureté et concord de doctrine*). The method of working was the exposition of biblical books in *lectio continua*. Every minister expounded (part of) a chapter, probably in order of seniority, when his turn came around. The colleagues added their thoughts or gave critique. Lay members from the Church were present and could ask questions or participate in the discussion. John Calvin had the lead in expounding a passage only when it was his turn. However, as the moderator he had the right to give his reaction first and always presented a summary at the end of the session and lead his brothers in prayer. That is whenever he was present in this session of the Company of Pastors of Geneva.[53]

As die ouderlinge iemand vanuit die gemeenskap van kerke sou kon beroep om by die gemeente aan te sluit en vanuit hulle die besondere dienswerk te verrig - goed en wel, andersins moet hulle uit hulle eie midde vir die toerusting tot sodanige dienswerk sorg!

Presies hoedat die ouderlingamp histories in die Gereformeerde Kerke gefunksioneer het, sou op sy beste saamgevat kon word volgens die beskrywing van die dienswerk van die ouderlinge in die Kerkorde (art 23), die Bevestigingsformulier asook die NGB, artt 30 en 31. Dit is bekend dat die Kerkorde van Dordtrecht 1618-19 soos wat ons dit aangepas in Suid-Afrika gebruik, die nader ontwikkeling is van die werk wat Calvyn reeds in sy Ordonnances Ecclasiastiques de Geneve daargestel het.[54] Dit is ook bekend dat die artikels van die NGB die verwerking is wat Guido de Bres gemaak het van die Confessio Gallicana wat grootliks met die medewerking van Calvyn tot stand gekom het[55] terwyl de

---

52 H Bouwman, Gereformeerd Kerkrecht, boek 2, hfst 1, par 28c

53 De Boer E, 2007, Artikel vir Acta Theologica. Kyk ook sy artikel 'The Congrégations: In-Service Training Center of the Preachers to the People of Geneva', in: *Calvin and the Company of Pastors. Calvin Studies Society Papers 2003*, 57-87.

54 AV, boek 2, hfst 1, par 28b

55 AV, boek 2, hfst 1, par 28b

Bres self ‘n leerling van Calvyn was.[56] Ook die Bevestigingsformuliere kom reeds uit die Reformasie van die 16e eeu.[57]

a. Besonder treffend is NGB, art 30. Baie sterk klem op die gesamentlike behandeling van die ampsdiens. Al die ampte is gesamentlik verantwoordelik as middel (enkelvoud) van God se geestelike bestuurswyse van sy kerk, om vir die effektiewe uitvoering van die onderskeidende take om sorg te dra – dat ware godsdiens onderhou word, ware leer versprei word, geestelike dissipline uitgeoefen word en barmhartigheidsdiens gedoen word. Op hierdie wyse (enkelvoud) sal alles behoorlik en ordelik geskied.
b. Andersoortig treffend is die beskrywing van die Ouderlinge-amp in die Kerkorde, art 23. Die eerste en inleidende sin van hulle taakbeskrywing is die dinge wat hulle gemeenskaplik saam met die bedienaar van die woord moet verrig soos in art 16 neergelê is. In samehang met artikel 16, is Woordbediening en orde-handhawing, en dissipline-uitoefening asook gebed-en troos, die basiese take wat uitgevoer moet word sowel deur die Ouderlinge op die basiese en konvensionele manier asook deur die predikante op ‘n gespesialiseerde manier. Hierbenewens word in beide artikel 16 en 23 uitdruklik melding gemaak daarvan dat hulle hulle take gesamentlik moet uitvoer. Dit kan met redelike sekerheid afgelei word dat die taakonderskeiding tussen ouderlinge en die ander ampte nie wesentlik is nie, maar enigsins op die vlak van spesialisasie waaruit die wat meer gespesialiseerd toegerus en bekwaam is mede toerustend is tot opbou van die wat minder gespesialiseerd toegerus is, en in mede taakuitvoerend, toesighoudend en samewerkend t.o.v. mekaar. Dat die Gereformeerde verstaan van die funksionering van die onderskeie ampte met mekaar erns maak met die wesentlike gelykheid van die ampte asook die uitruilbaarheid en hulpverlening tot die onderskeie take, word veral in KO, art 38 gesien waar die reëling getref word dat waar ouderlinge te min is om die werk te doen, ook diakens bygeneem kan word by die Kerkraad.
c. Treffend is ook die wyse waarop die ouderling se taakbeskrywing in die Bevestigingsformulier staan. In hierdie verband verdien besondere vermelding hoedat die ouderling se taak betreffende die ‘bedienaars van die Woord’ geformuleer is. Hulle moet naamlik ‘veral’ oor die leer en lewe van die bedienaars toesig hou. Implikasies hiervan vir die doeleindes van die vraagstelling aan die Studiedeputate is verreikend. Toesighouding vereis toegerustheid om toesig te kan hou. So staan dit ook geskryf: “Om hierdie diens behoorlik te kan uitoefen is dit nodig dat die ouderlinge die Woord van God deeglik ondersoek en hulle in die rykdom van die evangelie verdiep.”

Die bedoeling van die studie is egter om die moontlikheid van hulpdiens tot die werk van die predikant/sendeling vas te stel. Uit die geskiedenis van die Reformasie blyk dit dat die ouderling van die staanspoor in die aller-nouste verwantskap saam met die predikant/sendeling beskou is.[58] Uit die vroeë kerkgeskiedenis (Patristiek) blyk dit dat besondere leidinggewende lerende en opsighoudende take dikwels aan presbiters gegee is.[59] Bekendste voorbeeld hiervan is waarskynlik Aurelius Augustinus. Dit is nadat hy met soveel voortreflikheid die besondere spesiale take as presbiter verrig het, dat hy deur die biskop Vallerius as biskop aangestel is. Sy aanstelling as biskop was baie soortgelyk aan die omstandighede waarbinne Ambrosius biskop gemaak is in Milaan, terwyl hy nog ‘n ‘ongeskoolde’ persoon was. Uit die geskiedenis van die Reformasie is dit ook bekend dat Calvyn, die regsgeleerde, wat nooit formeel as teoloog opgelei was nie, self deur Farrel vir hulpdiens ingetrek is vir die dienswerk in Geneve.[60] Calvyn was predikant volgens die beskrywing van ons kerkorde art 8. Uit die geskiedenis van die Gereformeerde godsdiens

---

56 Biografie van Guido de Bres...~

57 Soos beskrywe deur Van’t Spijker 1987, de Ambten bij Martin Bucer, Bucer se ordinatie en sy korrespondensie met Farel en Calvyn, p377–385.

58 Bouwman, Boek 2 hfst 1

59 Serge Lancel, 1999, St Augustine, 150-161; Peter Brown 1969, Augustine of Hippo, 138–145; K van der Zwaag, 1993, Augustunus, de kerkvader van het Westen, 64–70.

60 Inst Calvyn, Lewensbeskrywing van Calvyn deur Beza, Afikaanse vertaling 1984, pp6-12

sou die aanvanklike vraagstelling eerder omgekeerd gestel moes word, naamlik in watter mate predikante hulpdiens moet verrig vir die primêre dienswerk van die ouderlinge? So besien is daar dus wesentlik geen verhindering tot hulpdiens nie na gelang dit in die gemeente ordelik gedoen word.[61] Uit die Suid Afrikaanse kerkgeskiedenis en selfs uit die geskiedenis van die GKSA kom heelwat inligting na vore waar persone wat die nodige gawes gehad het, deur die gemeentes benut is vir hulpdiens in sake wat normaalweg slegs deur predikante verrig sou word. [62] Ons kan maar wyle Pres Paul Kruger[63] as sprekende voorbeeld noem. Hy het vir groot dele van sy lewe as ouderling gedien, en is ook later jare toegelaat om by verskeie geleenthede in verskillende gemeentes 'n sogenaamde 'stigtelike woord' te spreek, wat niks anders as prediking was nie. Asof dit nie genoeg is nie, selfs ons geliefde en geëerde voorganger, prof Dirk Postma, is voor sy koms na Suid Afrika in Nederland op grond van sy buitengewone gawes (KO, art 8) tot predikant bevestig en daarna vir hulpdiens na Suid Afrika gestuur.[64] Talle voorbeelde is in gemeentegeskiedenisse beskrywe waar aan ouderlinge met spesiale gawes in gemeentes preekkonsent verkry is, as primêre sendinghelpers benut is, vir besondere beradingswerk uitgesonder is, vir Jeugsorg aangewend is ens. Dat die hulpdiens reeds bestaan het is bewese geskiedenisfeite. Ook dat hierdie hulpdiens verrig is vanweë spesiale gawes, spesiale toerusting en opleiding. Meestal was die toerusting en opleiding wat gegee is nie noodwendig formeel nie, en ook nie noodwendig vanuit die direkte teologiese kader nie. Die gawes is wel meestal binne die geloofsgemeenskap en die teologie geslyp en afgerond.

Besluit: Kennis geneem van Studiestuk 4.

STUDIE 5

DIE ONDERSKEID TUSSEN LERENDE EN REGERENDE OUDERLINGE

1. Die ouderling is 'n herder-en-opsiener en die predikant is 'n herder-en-leraar. Daar is dus bepaalde ooreenkomste, nl. beide is herders, en daar is bepaalde verskille, nl die aksent van die ouderling se werk val op toesig en regering en die van die predikant op lering.

1.1. Die verskille is net aksentverskille en nie bepaalde-funksies-uitsluitende verskille nie. Die ouderling moet immers ook leer (1 Tim 3:2) en die predikant moet ook toesig hou en regeer (KO, art 16).

1.2. Die aksentverskil sal wel in die praktyk gestalte moet kry. As daar aanvaar word dat die Nuwe Testamentiese ampte die drievoudige amp van Christus (Profeet, Koning, Hoëpriester) bedien, sal daar wel 'n duidelike onderskeid wees tussen die amp wat veral die profeetskap bedien en die amp wat veral die koningskap bedien.

1.3. Die Bybelse gegewens lei ons egter nie tot die groot verskil in ampspligte, ampstoerusting, verantwoordelikhede en aansien wat daar in vandag se praktyk tussen predikante en (ander) ouderlinge is nie.

2. Dat daar wel verskille is, blyk uit:

2.1 die "veral" van 1 Tim 5:17[65]

2.2 die feit dat die "engel" in die briewe in Op 2-3 (indien aanvaar word dat dit die leraar van die gemeente is) die direk-geadresseerde is en nie die hele Kerkraad nie.

---

61 H Bouwman, Gereformeerd Kerkrecht, boek 2, hfst 1, par 28c

62 Beskrywing van verskeie ouderlinge se optrede voor en tydens die aankoms van ds Postma, soos verwerk deur BR Kruger 1957, Die ontstaan van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika. Kyk ook beskrywing hiervan deur ds GBS Pasch in die Eeufees Gedenkboek, 1959, pp82–88. Sien ook Jooste, JP, 1958, Die Geskiedenis van die Gereformeerde Kerk n Suid-Afrika, p29.

63 Biografie~~

64 Van der Vyfer, GCP, 1958, Professor Dirk Postma, 1818–1890, pp30–50. Asook ds C Spoelstra, 1915m Het Kerkelijk en Godsdienstig leven der Boeren na den Grooten Trek, p192–198.

65 In sy M-verhandeling beredeneer Pieter Kurpershoek egter die moontlikheid dat die "veral" (malista) in 1 Tm 5:17 epeksegetiese betekenis het, soos in 1 Tm 4:10.

3. Dat die verskil nie so groot is nie, blyk uit:
3.1 die feit dat ouderlinge en sendelinge met dieselfde basiese erns in diens gestel word (vgl Hand 13:3 met 14:23)
3.2 1 Tim 5:17 wat ook aan van die ander ouderlinge "dubbele eer" toeken
3.3 die feit dat Petrus, die *primus inter pares* van die apostels, homself 'n mede-ouderling met die ander herder-opsiener ouderlinge in die geledere van die Christene noem (1 Pet 5:1-2)
3.4 die feit dat in die hemel die kerk deur ouderlinge (sonder enige spesifisering) verteenwoordig word (Op 4-5).
4. Sekere praktiese verskille tussen die dienswerk van predikante en ouderlinge versterk die persepsie van 'n groot "afstand" tussen die twee dienste:
4.1 Die predikant dien voltyds, die ouderling deeltyds
4.2 Die predikant ondergaan spesiale opleiding, die ouderling nie
4.3 Die predikant dien lewenslank, die ouderling periodiek (hang saam met voltyds-deeltyds kwessie)
4.4 Die predikant ontvang traktement en die ouderling dien op eie koste (hang ook saam met voltyds-deeltyds kwessie).
5. Die verskil in opleiding tussen predikante en ouderlinge is *prinsipieel* net verdedigbaar t.o.v. die sake wat eie is aan die predikantsdiens, bv studie in Bybeltale en Liturgiek en Kategetiek en Homiletiek en gevorderde studie in Skrifverklaring en Dogmatiek en Missiologie/Apologetiek. Studie in die velde wat die dienswerk van die ouderling (toesig en regering) ook raak, soos bv Dogmatiek, Dogmageskiedenis, Simboliek (het te doen met die beoordeling van die predikant se leer), Kerkregering, Pastoraal, basiese Hermeneutiek, Eksegese en Openbaringsgeskiedenis (het te doen met die Skrifverklaring en –onderrig wat die ouderling moet gee), Missiologie en Apologetiek, is prinsipieel ewe veel of ewe min nodig vir ouderlinge en predikante. Dat die studie vir ouderlinge en predikante akademiese formaat, geloofwaardigheid en erkenning moet hê, moet op gronde van wenslikheid en nie van noodsaaklikheid nie oorweeg word.

Besluit: Kennis geneem van Studiestuk 5.

STUDIE 6

DIE TRAKTERING VAN OUDERLINGE

1. Die beginsel is dat die kerk van die Here moet sorg vir die lewensonderhoud van dienaars wat a.g.v. hulle dienswerk nie self daarin kan voorsien nie (1 Kor 9:13-14; Gal 6:6; 1 Tim 5:17).
2. Die verlengde van die beginsel beteken dat die kerk ook moet aanvul in die lewensonderhoud van ampsdraers wie se dienswerk hulle daarvan weerhou om ten volle in hulle eie lewensonderhoud te voorsien, iets wat kan gebeur wanneer goed-toegeruste ouderlinge meer van hulle tyd aan diens in die kerke wy ("tentmaker"-ouderlinge).
3. Die verlengde van die beginsel beteken ook dat die kerk ouderlinge wie se uitgawes ter wille van hulle dienswerk hulle eie offervermoë oorskry, daarin sal moet bystaan.
4. Die uitwasse waartoe die Roomse sisteem van 'n betaalde klerus-korps gelei het, sal egter doelbewus en sorgvuldig vermy moet word.

Besluit: Kennis geneem van Studiestuk 6.

AFDELING 3
SAMEVATTENDE BEVINDINGS

1. Die diens van ouderling volgens die Skrif is om omvattende geestelike versorging en leiding aan gelowiges te gee. Dit sluit dus "gespesialiseerde take" soos bv. pastorale versorging, onderrig in die Woord en evangelisering in (vgl Afdeling 2, Studie 1).
2. In die Gereformeerde kerkgeskiedenis sowel as in die Gereformeerde kerkregering, soos vergestalt in die Kerkorde van die GKSA, word dit as deel van ouderlinge se dienswerk

gesien dat hulle “gespesialiseerde dienswerk”, soos bv pastorale versorging en evangelisering verrig. Dit is selfs moontlik dat spesifieke ouderlinge hulle spesialiserend op sekere fasette van die dienswerk kan ingrawe. Dit mag egter nie gebeur ten koste van die ander aspekte en algemene verantwoordelikhede van hulle dienswerk nie (vgl Afdeling 2, Studies 2 en 4).

3. Die besondere en streng vereistes wat volgens die Skrif aan ouderlinge gestel word, wys dat hierdie diens ’n gewigtige geestelike inhoud het en nie net die uiterlike fasette van die gemeente se diens aan God moet bestuur nie (vgl Afdeling 2, Studie 3).
4. Die groot verskille wat op baie plekke in die praktyk tussen predikante en ouderlinge voorkom, is nie Bybels verantwoordbaar nie (Afdeling 2, Studie 5).
5. Die ouderling se taak is Bybels gesien wyd genoeg vir al die pastorale behoeftes in die kerke, en daarom is die instelling van ’n ander amp/ampte nie nodig nie. Die ouderlingamp moet net tot sy volle grootte ontwikkel word. Die oplossing vir die vraagstuk wat in die opdrag aan hierdie Deputate vervat is, lê dus in die ontsluiting van die ouderlingamp tot sy volle potensiaal.
6. Hierdie ontsluiting moet veral plaasvind deur middel van goeie gehalte- en toepaslike opleiding en toerusting van ouderlinge.
7. Alle ouderlinge behoort so opgelei en toegerus te word dat hulle die nodige diverse, spesifieke en gespesialiseerde bedieningswerk wat op herderlike, evangeliserende en onderrigtende diensterrein in die kerke nodig is – uitgesluit dit wat net deel van predikantswerk is – kan behartig.
8. Kerke kan, wanneer ouderlinge se dienswerk hulle daarvan sou weerhou om volledig in hulle eie lewensonderhoud te voorsien, of wanneer ouderlinge se uitgawes in die uitvoering van hulle dienswerk hulle eie offervermoë oorskry, hulle daarin bystaan (Afdeling 2, Studie 6).
9. Die bedienaars van die Woord as leraars is primêr vir die opleiding en toerusting van ouderlinge verantwoordelik.
10. Onderlinge ondersteuning en samewerking hierin kan – soos in die geval van die opleiding van voornemende predikante – die kerke ten goede kom.
11. Daar moet besluit word op die inhoud en aard (suiwer kerklik of kerklik + akademies) en omvang van ouderlinge se opleiding en toerusting. Dit moet dan sover moontlik gedesentraliseerd en in-diens-opleidend aangebied word met duidelike riglyne vir Kerkrade/Klassisse/Streeksinodes oor die aard, inhoud en standaard van die opleiding.

Besluit: Kennis geneem van 1 tot 11.

AFDELING 4

AANBEVELINGS

1. Dat kerke en leraars opgeroep word om groot erns met die opleiding en toerusting van ouderlinge te maak.
2. Dat die TSP duidelike leiding aan voornemende predikante gee oor die aard, inhoud en standaard van ouderlinge-toerusting.
3. Dat kerke dit oorweeg om in gemeente- of Klassis- of Streeksinodeverband op ’n voortdurende basis kursusse vir ouderlinge aan te bied en so te sorg vir deurlopende opleiding en toerusting.
4. Dat hierdie kursusse o.a. die volgende insluit:

4.1 Onderrig in basiese, tersaaklike fasette van hermeneutiek, eksegese en openbaringsgeskiedenis.
4.2 Onderrig in die leer van die kerk, met toespitsing op die belydenisskrifte van die Gereformeerde Kerke.
4.3 Beginsels en praktyk van Gereformeerde Kerkregering
4.4 Beginsels en praktyk van pastorale bediening
4.5 Beginsels en praktyk van Missiologie en Apologetiek.

Besluit: Pt 1 tot 4.5 word goedgekeur.

5. Deputate word aangewys om:
5.1. die werk in die aanbevelings vervat tot uitvoering te bring
5.2. kerke behulpsaam te wees deur:
5.2.1. toerustingskursusse op te stel
5.2.2. alternatiewe kurrikulums en lesmateriaal beskikbaar te stel vir verdere akademiese opleiding van ouderlinge (diverse, spesifieke en gespesialiseerde bedieningswerk).
5.3 Hierdie opdragte gelees word in die konteks van die besluit van Sinode 2006:805 en dat die besondere konteks in ag geneem moet word.

Besluit: Goedgekeur soos gewysig wysigings is reeds aangebring – Deputate Handelinge.